# HOOFSTUK 6

# SOSIO-EKONOMIESE ONTWIKKELING

Die hoofstuk oor die sosio-ekonomiese ontwikkeling van Krugersdorp dien as agtergrond vir die bespreking van die sosiaal-kulturele ontwikkeling van die dorp. Die ekonomiese ontwikkeling is een van die faktore wat beslag gegee het aan die Brits-koloniale en "uitheemse" lewenswyse van inwoners, wat die eerste dekades in die geskiedenis van Krugersdorp gekenmerk het. Ekonomiese ontwikkeling het ook as dryfvere gedien vir die verstedeliking van die Afrikaner en die Swartmense. Beide het vanuit 'n landelike agtergrond na die stede, in hierdie geval Krugersdorp, gekom om as arbeiders in die goudmyne en later in die industrieë te werk. Daar is in hoofstuk vier na die verstedeliking van Krugersdorp verwys. Hierdie hoofstuk dien as agtergrond vir die verstedelikingsproses in Krugersdorp.

Volgens Haasbroek[1] bestaan die hipotese dat daar 'n verhouding is tussen verstedelikingspeile en die peil van ekonomiese ontwikkeling. Die ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika kan volgens Haasbroek vereenvoudig word tot drie fases, naamlik 'n landbou-mynboufase (1870-1925) en 'n fase waarin die industralisasie- en die dienstesektor prominent is. Hierdie ontwikkelingsfases kan in ooreenstemming met die ekonomiese ontwikkeling en verstedeliking van Krugersdorp gebring word. Die landbou-mynboufase in die geskiedenis van Krugersdorp strek vanaf die stigting van die dorp in 1887 tot ongeveer 1935, toe industriële ontwikkeling groter aandag van die Krugersdorp Stadsraad begin geniet het. Die demografiese verskuiwing van die bevolking het met die groter konsentrasie van ekonomiese ontwikkeling in Krugersdorp gekorreleer. Die mynbou het goedkoop ongeskoolde arbeid nodig gehad om die immigrante werkers, wat die geskoolde arbeid verrig het, by te staan. Dit het tot die verstedeliking van verarmde plattelandse Blankes aanleiding gegee.[2] Alhoewel hulpbehoewend, was die verarmde Blankes onbekwaam en onwillig om dieselfde werk te verrig as die Swartarbeiders in

---

1 P.J. Haasbroek, "Ekonomiese ontwikkelingsfases: die grondslag vir verstedeliking", F.A.van Jaarsveld (red.), *Verstedeliking in Suid-Afrika*, pp.6,1-13.

2 Kyk F.A. van Jaarsveld, "*Die Afrikaners se Groot Trek na die stede*", P.J. Nel, *Die Kultuurontplooiing van die Afrikaner*, en E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad* vir besonderhede oor die verstedeliking van verarmde plattelandse Blankes.

die myne. Die Blanke werkers het bedreig gevoel deur die goedkoop Swartarbeid en deur middel van partypolitiek, vakbondorganisasies en stakings beskerming van die Regering geëis. Die steeds toenemende vraag na arbeid in die industrieë is deur die werwing van Swartarbeiders bevredig, wat die verstedeliking van die Swartmense gestimuleer het.[3] Waar die myne hoofsaaklik van trekarbeid gebruik gemaak het, het die industrieë gekonsentreer op gevestigde arbeid, alhoewel Plaaslike Owerhede, insluitende Krugersdorp, die stedelike Swartmense as gaswerker beskou het wat slegs "tydelik" in die stede vertoef het. Soos reeds aangetoon, het hierdie benadering 'n invloed op die ontwikkeling van Swart stedelike gebiede uitgeoefen.

Krugersdorp is beide wat sy fisiese en sosio-ekonomiese verwantskap betref, 'n integrale deel van die Witwatersrandstreek. Die dorp vorm die westelike eindpunt van 'n aaneengeskakelde stedelike ontwikkeling, wat sy ontstaan hoofsaaklik te danke het aan die voorkoms van goudneerslae en die ontwikkeling van 'n wye verskeidenheid nywerhede. Slegs fasette van die ekonomiese ontwikkeling van Krugerdorp, waarby die Krugersdorp Munisipaliteit in 'n mindere of meerdere mate betrokke was, word oorsigtelik bespreek. Die goudmynindustrie het vir etlike dekades 'n baie belangrike invloed uitgeoefen op die nywerheidsontwikkeling van Krugersdorp. Die historiese ontwikkeling van die mynboubedryf en die vestiging van Krugersdorp as nywerheidsentrum aan die Wesrand, geniet aandag.

Die vestiging van myne oos en suid van die dorp het daartoe gelei dat die landbou-ontwikkeling groter inslag aan die westekant van die dorp gevind het. Die bydrae van landbou tot die ekonomie van Krugersdorp is geleidelik deur die mynboubedryf oorheers. Die munisipale mark het tot in die sewentigerjare as afsetgebied vir landbouprodukte in Krugersdorp gedien. Die mark is gesluit toe die Stadsraad dit nie meer ekonomies kon bedryf nie.

Handel het in die laaste dekades van die twintigste eeu 'n groter rol in die ekonomie van die dorp begin speel. Die Sentrale Besigheidsdistrik (SBD) het parallel met die vestiging van nywerhede tot Krugersdorp se belangrikste handelsentrum ontwikkel. Die mikro-entrepreneur, algemene handelaar en informele handel, insluitende die

---

3 Kyk P. Smit & J.J. Booysen, *Swart verstedeliking: proses, patrone en strategie* vir besonderhede insake die verstedeliking van die Swartmense.

"arts and crafts" (kunshandwerkbedryf) het 'n besondere bydrae tot die ekonomie van die dorp gemaak.

Krugersdorp het hom as 'n toonaangewende ekonomiese sentrum aan die Wesrand gevestig. Nieteenstaande sy nywerheidsgroei, is armoede vandag een van die grootste sosio-ekonomiese probleme waarmee die dorp gekonfronteer word. Die hoë werkloosheidsindeks en die feit dat die meerderheid van sy inwoners op die grens van die broodlyn lewe, stel groot eise aan die sosio-ekonomiese ontwikkeling van Krugersdorp. In die slotopmerking word na die armoedeprobleem in Krugersdorp verwys.

## 6.1. LANDBOU

Krugersdorp het as landbousentrum bekendheid verwerf voordat mynbou en industriële ontwikkeling die dorp se belangrikste bedrywe geword het.[4] Die redes hiervoor is die geografiese ligging van Krugersdorp naby die stedelike ontwikkeling aan die Witwatersrand, die vrugbare grond en gematigde klimaat, maar veral die waterrykheid van die omliggende gebied.[5] Ondergrondse water is in die algemeen volop, as gevolg van die dolomitiese onderbou van die streek.[6] Water uit die Krokodil- en Magaliesriviere het tot die konsentrasie van besproeiingseenhede aan die oewers van die riviere gelei.[7] Die riviere het hulle oorsprong in die Witwatersrand, een van Suid-Afrika se belangrikste waterskeidingsgebiede, met 'n gemiddelde jaarlikse reënval van tussen 700 en 800 mm per jaar, wat die riviere gereeld voed.[8]

---

4 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr I2, *Krugersdorp in the hub of the world's largest gold fields*, 1942, p 39, sd. Kyk bespreking in hoofstuk twee vir besonderhde insake vestiging van eerste Blankes in die Krugersdorpomgewing.

5 Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria, MKR, band 2/3/1/63, *Report on small holdings scheme on the town lands of Krugersdorp*, 21 Okt. 1916.

6 Vir besonderhede oor die dolomitiese onderbou, raaadpleeg bespreking oor die Goudmynbedryf in Krugersdorp.

7 Kyk bespreking in hoofstuk twee van vroeë vestiging van plase in die Muldersdrift-, Blaauwbank-, Hekpoort-, Skeerpoortomgewings. TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/11, *Crocodile River Agricultural Holdings*, 27 Jun. 1950.

8 Biblioteek, Krugersdorp, Africana vertsameling, inligtingsleêr W18, *Waterskeiding*, sd.

Die ligging van Krugersdorp op die Witwatersrand,[9] maak die gebied uiters geskik vir die teel van perde (kyk in hoofstuk twee). Die perd het as plaasdier nie direk tot die lewensonderhoud van die boer bygedra nie, maar dit was onontbeerlik vir die welsyn van die gesin, en vir die Afrikaner-volk in die geheel. Die perd was aan die einde van die negentiende eeu die vinnigste beskikbare vervoermiddel. Perde is selde vir die mark geteel. Andries Pretorius en sy broerskind Martiens, wat perde op die plaas Paardekraal geteel het, was die uitsondering. Perde is hoofsaaklik ter wille van die aanteel aangehou met die doel om in eie behoeftes vir vervoer- en trekdiere te voorsien.[10]

Die inwoners van Krugersdorp het sedert die ontstaan van die dorp, soos in baie ander dorpe in Suid-Afrika, hulle gehegtheid aan die landbou op een of ander wyse in die dorp op hulle erwe voortgesit. Behalwe die verbouing van groente vir huishoudelike gebruik, het die dorpsbewoners ook slagvee, pluimvee en melkkoeie aangehou. Die vee is bedags na die dorpsgronde uitgejaag vir weiding en saans na die stalle, wat agter in die woonerwe opgerig is, teruggebring. Hierdie praktyk is ter wille van gesondheidsredes en higiëne sedert die vyftigerjare uitgefaseer.[11] Ook die inwoners van Munsieville het melkbeeste en slagvee aangehou. In 1965 het inwoners van die woongebied Quelleriepark gekla dat beeste van Munsieville inwoners los in die woongebied rondgeloop het. In 'n verslag aan die Stadsklerk, het die lokasiesuperintendent berig dat die volgende inwoners vee geregistreer het vir die bedryf van melkerye:

| **Naam** | **Aantal beeste** |
|---|---|
| Stephen Mogoai | 20 |
| Daniël Mothlako | 22 |
| Hendrik Mogomotse | 10 |

9 Witwatersrand verwys enersyds na die mynbou-industriële streek en andersyds na die bergreeks of *Johannesburg-koepel*. Kyk Kaart no.3. Die hoogliggende bergreeks is ideaal vir perdeboerdery.

10 P. Naude, *Boerdery in die ZAR, 1858-1899* (ongep. D.Litt.-proefskrif, UNISA, 1954), p.38. Kyk ook G.S. Preller, *Andries Pretorius-Lewensbeskrywing van die kommandant-generaal*, pp.376,377.

11 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer P1, *W.B. Griffen* (ongep. outobiografie), sd. G. Radebe, Onderhoud 1995.

| | |
|---|---|
| Norman Ramkoa | 8 |
| Edward Modise | 18 |
| Hosiah Tsotsotso | 2 |
| **TOTAAL.** | **80** |

Die eienaars van die loslopende beeste is na die Munsieville Naturelle Advieskomitee verwys. Die Komitee het aanbeveel dat die eienaars gewaarsku moes word. Indien die skuldiges nie gehoor sou gee nie sou die voorreg om vee aan te hou, teruggetrek word. Daarbenewens moes eienaars moes behoorlike stalle op eie koste vir die diere oprig.[12]

### 6.1.1 BESTAANSREG VIR LANDBOUHOEWES

Met die ontstaan van die goudmynbedryf het die landbouontwikkeling in die Krugersdorpdistrik meer wes van die dorp plaasgevind, omdat die mynbou-aktiwiteite gekonsentreer het op die gebiede noordoos en suid van die dorp. Die meeste omliggende plase is reeds vroeg in die geskiedenis van die dorp in landbouhoewes onderverdeel. Die hoewes word vandag bewoon deur persone wat hulle lewensbestaan elders maak, maar nog geheg is aan 'n landelike lewe.[13] Die eerste landbouhoewes is reeds in 1917 op die plaas Waterval, wes van Krugersdorp, ontwikkel.[14] Die Stadsraad van Krugersdorp het sedert 1912 oorweging gegee aan die ontwikkeling van selfversorgende landbouhoewes op die dorpsgronde tussen die lokasie en Burgershoop. 'n Gebied oos van Kroningspark is ook vir hierdie doel beskikbaar gestel. Volgens 'n verslag van die Stadsingenieur is vyf hoewes in hierdie gebied in 1912 vir vyf jaar vir verhuring beskikbaar gestel.[15]

---

12 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr T13, Brief Bestuurder Munsieville lokasie-Stadsklerk Krugersdorp, 16 Sept. 1965.

13 Stadsraad, Krugersdorp, *Situational analysis for the Krugersdorp Transitional local council*, Jan. 1996, pp.12,13.

14 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/119, korrespondensieleêr G9, *Konsep dorpsbeplanningskema*, Maart 1939, pp.1,2. Kyk ook hoofstuk vier vir besonderhede oor die ontwikkeling van landbouhoewes.

15 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/63, korrespondensieleêr C25, *Report on small holdings*, 10 Sept. 1912.

Die Stadsraad het dr. William MacDonald[16] in 1916 aangestel om ook ander terreine op die dorpsgronde met die oog op die ontwikkeling van landbouhoewes te ondersoek. Die ligging van die hoewes naby die dorp, kerke en skole is deur hom as 'n pluspunt gesien. Hy het daarom aanbeveel dat die Stadsraad ontwikkelde of "ready-made" eenhede aan voornemende kopers beskikbaar moes stel en die volgende ontwikkelingsmetode voorgestel: Die grond moet in eenhede van 5 akker (2,02343 hektaar)[17] verdeel en deur die Stadsraad omhein word. Daarna moet die Stadsraad die grond bewerk, vrugtebome plant en 'n oes in die grond sit. Laastens moet 'n huis gebou en 'n boorgat gesink word voordat die hoewe te koop aangebied word. In sy verslag het MacDdonald aanbeveel dat appels, pere, pruime, perskes en appelkose goed sal aard in die meer vrugbare grond van die hoewes. Verder was die grond en klimaat ook geskik vir die verbouing van 'n verskeidenheid groente en blomme. Die beskikbaarheid van ondergrondse water het besproeiing moontlik gemaak en 'n kwaliteit lewensbestaan vir die hoewebewoners op 'n relatief klein boerderyeenheid verseker. *The Standard* and *West Rand Review* het in 1928 berig oor 'n groot appeloes wat hoewebewoners gemaak het. Dit bevestig Macdonald se evaluering van die geskiktheid van die grond vir die verbouing van vrugte.[18] Die ontwikkeling van die landbouhoewes het die grondslag gelê vir die groente-, vrugte- en blomplase wat vandag nog 'n kenmerk is van die landboubedrywigheid in die naby omgewing van Krugersdorp.

Alhoewel die Stadsraad nie gekant was teen die ontwikkeling van landbouhoewes in die aangrensende landelike gebied nie, het hy tog sy kommer daaroor uitgespreek. Die landbouhoewes was in baie gevalle buite die munisipale gebied geleë, wat die lewering van water-, elektrisiteit en ander munisipale dienste onmoontlik gemaak het. Die kommer van die Stadsraad in hierdie verband het verband gehou met die lewenskwaliteit van die hoewebewoners en higiëniese omstandighede in die afwesigheid van

---

16 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/63, korrespondensieleêr C25, *Report on small holdings scheme on the Town lands of Krugersdorp*, 10 Sept. 1916, pp.1-9.

17 *Keartland's metrieke omsettingstabelle*, Een akker is gelyk aan 0,404686 hektaar, tabel 17.

18 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Standard and West Rand Review*, 6 Jan. 1928.

munisipale toesig en kontrole. Die moontlikheid dat Krugersdorp in die toekoms na hierdie gebiede sou uitbrei kon ook nie buite rekening gelaat word nie. Dit het die kommer van die Stadsraad oor die standaard en kwaliteit van strukture wat op die hoewes opgerig word, geregverdig. Die Stadsraad het daarom met die ontwikkeling van die Hokaai-landbouhoewes die dienste van sy tegniese en gesondheidsdepartemente gratis aan die ontwikkelaars aangebied.[19]

Die uitbreiding van die hoewegebied om Krugersdorp sedert die dertigerjare moet aan die stedelike ontwikkeling van Krugersdorp gekoppel word. Lewenskoste was in die algemeen as "goedkoper" op die landbouhoewes beskou omdat die hoewebewoners selfversorgend was in die voorsiening van produkte soos groente, vrugte, melk, eiers en slagvee. Die hunkering na 'n meer landelike omgewing weg van die stad het sommige stedelinge na die landbouhoewes "gedwing". Met die ontstaan van "landgoedere" in meer onlangse jare is 'n bepaalde status aan die bewoning van 'n landbouhoewe gekoppel, wat die gesogtheid van hoewes in onder andere die Muldersdrift- en Kromdraaigebiede laat toeneem het.

Verstedeliking hou 'n bedreiging in vir die landbougesteldheid van die omliggende landbouhoewes. Sekondêre en tersiêre nywerhede vestig hulle in toenemende mate in die landelike gebiede soos Muldersdrift. Die gevaar bestaan dat hierdie gebiede hulle landelike karakter kan verloor, veral omdat baie van die eienaars nie meer oorwegend landbouaktiwiteite beoefen nie, maar die hoewes slegs sien as 'n "woongebied weg van die stad". In die Muldersdrift gebied was slegs 6.2% Blankes en 41% Swartmense in 1993/1994 by landbouaktiwiteite betrokke. Die Swartmense vervul hoofsaaklik 'n arbeidsrol op Blanke landbougrond in die Muldersdriftgebied. Die voorsiening van huisvesting as deel van die vergoedingspakket word as 'n verklaring vir die Swartmense se betrokkenheid by die landbouaktiwiteite

---

19 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/11, korrespondensieleêr A8, *Application for the establishment of Hokaai agricultural holdings*, sd.

in die gebied gesien. Die meerderheid Blankes het reeds in hierdie stadium tersiêre beroepe buite die gebied beoefen.[20]

Die westelike deel van die landboudistrik is bekend vir die verbouing van 'n verskeidenheid gewasse. Behalwe vrugte, groente en blomme word koring, mielies, hawer en lusern ook op groot skaal in die distrik verbou. Tabak is ook in die Magaliesburgomgewing verbou (foto no. 46). Die meeste plase in *Die Moot* (Magaliesburg-Hekpoort) is deur onderverdeling vandag so klein dat intensief geboer moet word om 'n lewensbestaan op die grond te maak. Gemengde boerdery, waar akkerbou met veeteelt aangevul word, asook pluimveeboerderye en melkerye, kom algemeen in die distrik voor.[21] Water uit die Magalies- en Krokodilriviere is volop, sodat akkerbou (foto no.47) onder besproeiing voorkeur bo grootskaalse veeteelt geniet.[22]

### 6.1.2 KRUGERSDORP MUNISIPALE MARK

Krugersdorp met sy steeds groeiende mynbou en later nywerheidsontwikkeling is sedert die ontstaan van die dorp 'n belangrike afsetgebied vir die distrik se landbouprodukte. Die markplein en munisipale mark het vir baie jare in die behoefte van die boerderygemeenskap voldoen. Behalwe varsprodukte het die mark ook suiwelprodukte, pluimvee, graan, boermeel, groenvoer en brandhout te koop aangebied. Die markmeester was in beheer van die mark. Hy het behoorlike rekord gehou van die produkte en verkope. Verkopers het teen 'n vasgestelde kommissie die Stadsraad vir die gebruik van die markfasiliteite vergoed.[23]

---

20 Stadsraad, Krugersdorp, *Notule van vyfde gewone vergadering van die derde uitvoerende komitee*, 26 Mrt. 1997, Item A(19)3/97, Formulation of Land Development Objectives (LDO's) for Krugersdorp, p.40.

21 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr I2, *Krugersdorp in the hub of the world's largest goldfields*,1942, p.39.

22 TAB, Pretoria, MKR, band 2/1/3/21, korrespondensieleêr A45, *Replies to questionnaire submitted by the South African Railways & Harbours Publicity Department: Tourist Section*, sd., p.6.

23 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr M7, *Market I and II*, sd.

‘n Markgebou is in 1904 teen ‘n koste van £1030 (eenduisend-en-dertig pond) opgerig.[24] Hierdie gebou is in 1916 vervang met ‘n moderne marksaal met ‘n staalkonstruksie. Die marksaal vorm vandag ‘n integrale deel van die Burgersentrumkompleks. Behalwe die markaktiwiteite in die saal, was daar ook op die plein ‘n “buitemark” wat op ‘n georganiseerde wyse produkte in groot maat aan kopers verskaf het[25] (foto no.48).

Die daaglikse markprosedure kan kortliks soos volg saamgevat word:[26]

- Alle produkte wat op die mark te koop aangebied is, moes in die markregister aangeteken word. Elke afslaer het sy eie register opgeteken. Wanneer hy ‘n “lot” verkoop het, het hy die oorspronklike kopie van die marknota aan die verkoper oorhandig. Die verkoper het die marknota na die markmeester geneem vir uitbetaling, nadat die kommissie aan die Stadsraad afgetrek is. Die marknota is met ‘n spesiale stempel gekanselleer om duplisering van uitbetalings te voorkom.
- Die marktafels in die saal is genommer. Verkopers kon vooraf ‘n tafel vir sy eksklusiewe gebruik huur teen betaling van ‘n nominale bedrag. Die verkoper se naam is dan op die tafel aangebring. Loting van tafelnommers het die volgorde waarin produkte verkoop sou word, bepaal. Die lui van die markklok het die aanvang van die mark, en telkens die aanvang van elke nuwe tafelverkope, aangekondig.
- Geen verkope “uit die hand” is toegelaat nie. Kopers kon markkoepons by die markmeester koop waarmee hulle direk by bepaalde verkopers produkte kon koop. Die verkoper moes hierdie koepons, net soos die marknota, by die markmeester vir betaling inhandig.
- Verkope op die buitemark was georden in die volgorde waarin verkopers op die markplein aangekom het. Produkte soos groenvoer

24 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr M7, Brief Stadsklerk Krugersdorp-Messrs. Barmanhang & Co Ltd, 12 Okt. 1904.

25 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr M7, *Market I and II*, sd.

26 Die markprosedure is nie uniek aan Krugersdorp nie. Dieselfde prosedure, met geringe aanpassings, is ook elders in Suid-Afrika gevolg, byvoorbeeld die Bloemfonteinse en Klerkdorpse mark wat deur outeur self gebruik is.

en brandhout moes vooraf in bondels van tien elk opgemaak gewees het. Produkte in sakke is op 'n spesiale skaal ingeweeg voordat dit op die vloer geplaas is. Alle produkte is deur die afslaers in die teenwoordigheid van die verkoper getel en in die markregister aangeteken.

- Kraampies wat produkte soos graan en meel verkoop het, is van 'n kennisgewingbord voorsien. Dieselfde kraampie is daagliks vir die verkoop van dieselfde tipe produkte gebruik.[27]

Die mark het in die noodsaaklike behoeftes van die inwoners voorsien. Dit is deur al die bevolkingsgroepe ondersteun. In die marksaal is die afslaer se podium aan die sykant van 'n tafel geplaas sodat hy na die Blanke kopers aan die teenoorgestelde kant van die tafel gekyk het. Indiër- en Swartkopers is aan die kant van die afslaer toegelaat. Hulle kon nie aan dieselfde kant as die Blanke kopers vir die produkte bie nie. In die buitemark het wit gekalkte strepe die vloei van mense op dieselfde beginsel gereguleer.

Voorsiening van varsprodukte aan die mark is afhanklik van die algemene landboutoestande. Droogtes veral het 'n groot invloed op die hoeveelheid en verskeidenheid van produkte gehad. Markverslae het die wisseling in omset, wat gekorreleer het met swak landboutoestande, aangetoon.[28] Die jaar 1911 was byvoorbeeld nie 'n goeie landboujaar nie as gevolg van die droogte. Boermeel se prys op die mark was baie swak en meel moes ingevoer word. Longsiekte het dertien plase in Hekpoort geraak, wat 'n groot invloed op die voorsiening van varsprodukte aan die mark gehad het. As gevolg hiervan het die Portugese groenteboere die groentevoorsiening op die mark by die Hekpoortboere oorgeneem.[29]

---

27 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 10 November 1915*, pp.112-116. Kyk ook inligtingsleêr M7, *Market I and II*, sd.

28 Kyk Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslae 1904-1917* en inligtingsleër M7, *Market I and II*, sd.

29 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1912*, p.113. Kyk ook bespreking in hoofstuk vyf oor die invloed van die droogte op watervoorsiening aan Krugersdorp. Plaaslike koerante gee nie detail oor die effek van die droogte op individuele boere nie of van die voorkoms van longsiekte in Hekpoort nie.

Faktore soos industrialisasie, verstedeliking, ontwikkeling van streeksmarkte en die groeiende afstand tussen produsente en kopers het die voortbestaan van die mark, volgens die Burgemeestersverslag van 1974,[30] in die weegskaal geplaas. Die Stadsraad het in dieselfde jaar oorweging aan die verskuiwing van die mark na 'n nywerheidsgebied, waar dit ook met die spoornetwerk verbind kon word, gegee. Die inwoners het hewig teen die verskuiwing van die mark beswaar aangeteken. Die volgende argumente is teen verskuiwing in 'n petisie aan die Stadsraad geopper.[31]

- Die voorgestelde nuwe mark sal te ver weg wees van die gewone huisvrou om haar varsprodukte op die mark te koop. Sy sal deur die verskuiwing van die mark gedwing word om varsprodukte by die smouse te koop.
- Die sentrale ligging van die mark in die SBD naby regeringskantore soos die poskantoor en groot winkels, maak dit vir die huisvrou gerieflik om al haar inkopies op een dag te doen. Die verskuiwing van die mark sal beteken dat sy 'n spesiale rit na die mark moet onderneem. Die afwesigheid van goedkoop openbare vervoer sal dit vir haar onmoontlik maak om die mark te besoek.
- Die bestaande mark is steeds ruim genoeg vir die behoeftes van die gemeenskap met voldoende parkeerruimte vir voertuie. Die markplein is ook groot genoeg sodat sowel die mark as die stadskantore sonder probleme vergroot kan word.

Die petisie van die inwoners was suksesvol, want die verskuiwing van die mark het nie gerealiseer nie. Die mark is wel in die laat sewentigerjare gesluit toe dit nie meer ekonomies deur die Stadsraad bedryf kon word nie.[32] Die gebrek aan koelkamers, rypmaakkamers en laaiplatforms is probleme wat die ontwikkeling en uitbreiding van markaktiwiteite gekortwiek het. Daarby was die markgebou ondoeltreffend, veral vir die moderne swaar voertuie wat grootliks vir die vervoer van varsprodukte verantwoordelik is. Die afstand

30 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgermeestersverslag 1973-1974*, p.14.
31 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr M7, *Petisie teen verskuiwing van mark*, 1974.
32 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeesterverslag 1978-1979*, p.15.

van die mark vanaf die Krugersdorpstasie het spoorvervoer van varsprodukte na die mark duurder gemaak.[33] Die vestiging van varsproduktemarkte op streekvlak is ingevolge die Wet op Streeksdiensterade, Wet No. 109 van 1985, die verantwoordelikheid van streeksdiensterade.[34] Die Wesrand Streeksdiensteraad het nie daarin geslaag om 'n varsproduktemark aan die Wesrand te vestig nie. Kettingwinkels, supermarkte en 'n verskeidenheid groentewinkels, wat hoofsaaklik deur Portugese handelaars bedryf word, voorsien vandag in Krugersdorp se behoefte aan varsprodukte.[35]

Die Swart-, Indiër- en Bruingemeenskappe het toegang tot die Krugersdorpse mark gehad, maar hulle het nie dieselfde diens en behandeling as die Blanke klandisie ontvang nie, soos uitgewys. Sedert die sluiting van die mark in die laat sewentigerjare is hierdie gemeenskappe, soos die Blankes, afhanklik van groenteventers (straatverkopers) en die groentewinkels vir hulle varsprodukte.

### 6.1.3 GEORGANISEERDE LANDBOU EN LANDBOUSKOUE

Die Krugersdorp Distriklandbouvereniging het in 1905 aansoek gedoen om grond by die Munisipale Raad te huur vir die aanbied van 'n landbouskou.[36] Die Munisipale Raad kon in hierdie stadium nie grond aan die Distrikslandbouvereniging afstaan nie, omdat die dorpsgronde nog nie finaal aan hulle oorgedra was nie. Die Munisipale Raad het in beginsel besluit om grond aan die Distrikslandbouvereniging beskikbaar te stel sodra die oordrag van die dorpsgronde na hulle gefinaliseer is,[37] maar die eerste landbouskou in Krugersdorp is volgens Burger eers in 1924 aangebied.[38]

---

33 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeesterverslag 1974-1975*, p.15.

34 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W24, Afskrif *Wet op Streeksdiensterade, Wet No. 109 van 1985*, Jul. 1987.

35 Persoonlike waarneming na ondersoek ter plaatse.

36 TAB, Pretoria, JUS, band 2217, Verw. 851/05, Huurooreenkoms Agricultural Society-Krugersdorp Municipality, 28 Apr. 1905.

37 TAB, Pretoria, MKR, band 2/2/7/1, Brief Stadsklerk-Sekretaris Landbouvereniging, 10 Mei 1905.

38 B Burger, *Krugersdorp 1877-1947*, p.17.

Die Krugersdorp Stadsraad het reeds in 1923 sy steun aan die Krugersdorp Distrikslandbouvereniging beloof vir die aanbied van die landbouskou. Die gedagte om 'n landbouskou aan te bied, is op 31 Augustus 1923 op 'n openbare vergadering aan die publiek bekend gestel. Die fokus van die eerste skou het op tuisnywerhede, pluimvee en varsprodukte geval. Die grootvee-uitstallings sou volgens die voorlegging van die Distrikslandbouvereniging eers aandag geniet wanneer die skou 'n gevestigde instelling in Krugersdorp is. Die markplein en Wanderers sportgronde is tot die beskikking van die Distrikslandbouvereniging vir die skou gestel.[39]

Die eerste landbou- en nywerheidskou is in 1948 by die Bekkerskoolplaas aangebied. Die Witwatersberg-Magaliesrivier Landbou-unie het die skou in samewerking met die Krugersdorpse Besigheidskamer georganiseer. Die burgemeester het in sy voorwoord in die skoukatalogus geskryf dat dit die eerste keer is dat die dorp en die distrik kragte saamgespan het om die landbou-, handel- en nywerheidspotensiaal van Krugersdorp te bevorder en aan Suid-Afrika bekend te stel.[40] Die Krugersdorp Munsipaleit is op verskeie vlakke by die skou betrokke, onder andere as uitstaller en by die nat spuit van die skouterrein ten einde die stof by die skou in 'n mate te bekamp. Die Stadsraad het ook £20 (twintig pond) betaal om in die skoukatalogus te adverteer.[41]

### 6.1.4 EKONOMIESE BYDRAE VAN LANDBOU

Landbou het altyd 'n belangrike rol gespeel in die ekonomiese ontwikkeling van Krugersdorp. Krugersdorp is op die rand van die stedelike konsentrasie in die Provinsie Gauteng geleë, daarom kan 'n groot mate van sy ekonomiese aktiwiteite nog aan die landboubedryf toegeskryf word. Die Krugersdorpdistrik produseer 27% van die landbouprodukte in die


---

39 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/117, korrespondensieleêr G3, *Notes of an interview of the Krugersdorp District Farmers Union and Representatives of the Krugersdorp Municipal Council*, 27 Aug. 1923.

40 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/137, korrespondensieleêr K 14, *Skouprogram*, 21-24 Mei 1948.

41 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/137, korrespondensieleêr K14, *Notes, Representatives of Krugersdorp & District Agricultural and Industrial Show*, 1 Mrt 1948.

provinsie.[42] Landbou aan die Wesrand se bydrae tot die algemene groeipotensiaal van die provinsie daarteenoor was in 1970 slegs 1% teenoor die 4% in 1990. Die groei potensiaal van landbou aan die Wesrand in die periode 1970-1990 word in die onderstaande grafiek aangetoon[43].




**Figuur 38**

Die groeipotensiaal van landbou aan die Wesrand word gestrem deur skerp variasies in die klimaat en 'n relatiewe skaarste aan water. Die gebruik van landbougrond vir ander doeleindes, byvoorbeeld mynbou, en die ekonomiese ontwikkeling van plase in onekonomiese boerderyeenhede werk ook stremmend in op die ekonomiese ontwikkeling van die landbou. Die kleinboere ontvang nie voldoende steun om hulle produkte te bewerk nie. Die grondloosheid van plaasarbeiders en 'n gebrek aan grondhervorming word ook as faktore wat die ekonomiese ontwikkeling aan die Wesrand strem, uitgesonder.[44]

42 Stadsraad, Krugersdorp, *Notule van die vyfde gewone vergadering van die derde uitvoerende komitee*, 26 Mrt. 1997, item A(19)3/97, Formulation of Land Development Objectives (LDO's) for Krugersdorp, p.22.

43 Die waterbronne van die Wesrand word ernstig bedreig deur die mynbou aktiwiteite. Die myne pomp die ondergrondse water uit die dolomietkompartemente om oorstoming van die myne te voorkom. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr M11, *Mines and Industries*, sd.

44 KCCI, Krugersdorp, *Report Diversifying the economic base of Western Gauteng: Short to medium term intervention strategy*, p.3.

Alhoewel landbou 'n bydrae tot die ekonomiese ontwikkeling van Krugersdorp gemaak het, het mynbou vir die eerste vyftig jaar die grondslag van die dorp se ekonomiese aktiwiteite gevorm. Goudproduksie het sedert 1887 'n nuwe era van ekonomiese aktiwiteit meegebring.

## 6.2. GOUDMYNBEDRYF

Daar is reeds in hoofstuk twee gewys dat Krugersdorp sy ontstaan te danke het aan die ontdekking van goud[45] en die proklamering van die plaas Paardekraal tot openbare delwery in Augustus 1887. Die aangrensende plaas, Luipaardsvlei is die volgende maand tot openbare delwery verklaar.

Die dominante kenmerk van die goudneerslag aan die Witwatersrand is volgens Horscraft die tendens van die goud om lateraal met die strategrafie van die horison in baie nou bande, op sommige plekke slegs enkele sentimeters diep, voor te kom: "A deposit of this structure clearly reflects a sedimentary layer settled under aqueous control. The Wits reef vary widely, but the majority are conglomerate, with pebbles of quartz and chert in a matrix of quartz grains, silicates and various sulphides, mainly pyrite. They range from thin, small pebble reefs, often with great lateral extent, to thick conglomerate. Most reefs are composite, with interbedded layers of quartz. Important from the aspect of genesis, is the occurrence of thin, high-grade reefs with carbon, while less common along the same strategraphic horizon

---

45 Die Witwatersrandse goud is waarskynlik miljoene jare gelede in die argaïse tydperk toe die sedimente ontstaan het, gevorm. Die Witwatersrandse goud word dikwels met koolstof geassosieer, wat volgens die teorie van die Transvaal Museum, die oorblyfsels is van primitiewe alge wat in die vlak water van die Witwatersrandkom geleef het. Hierdie primitiewe plante het die metaalhoudende minerale opgevang en die opgeloste minerale laat afsak. Volgens Horscraft kan die struktuur van die goudneerslag in die teenwoordigheid van koolstof slegs aan die hand van 'n chemiese reaksie verklaar word. Fisiese veranderinge en spoelgoudformasies, sowel as die verharding van minerale sou nie die struktuur van die Witwatersrand se goudneerslag tot gevolg kon hê nie. Die teenwoordigheid van die poreuse bokhaelpiriet en silika minerale in die matriks van die riwwe, is ook kenmerkend van die geologie van die omgewing. Transvaal Museum, Pretoria, *Genesis-uitstalling*; Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer W6, Dr. Horscroft, *Sweat of the Sun, the story of gold in die Witwatersrand*, pp.15,16; inligtingslêer M11, H.C.M. Whiteside, ea., *Goud in die Witwatersrandse dnetal.*

are pencil thin reefs, without pebbles lodged in a host of quartsite. There is also a significant amount of gold in quartsite."[46]

## 6.2.1 LUIPAARDSVLEI ESTATES & GOLD MINING COMPANY

Die plaas Luipaardsvlei het oorspronklik aan Pieter Gabriël van de Venter behoort, wat dit in 1866 bekom het. J.J.J. Steyn was in 1874 die eienaar van die plaas. Die plaas is op 5 Oktober 1885 oorgedra aan Daniël Jacobus van Wyk[47]. Volgens Cartwright[48] het Cecil John Rhodes die plaas in 1886 van Van Wyk gekoop vir £60000 (sestigduisend pond). Hy het die eerste £40000 (veertigduisend pond) in kontant betaal en die balans in aandele in Rhodes se Gold Fields of South Africa Company belê. Rhodes het hierdie maatskappy op 9 Februarie 1887 in Londen geregistreer. Gerugte dat die hoofrif op die plaas Luipaardsvlei ontdek is, het Rhodes, Rudd en Robinson na die Wesrand gelok. Rhodes het as eienaar van Luipaardsvlei 'n Mynpachtbrief in die naam van "Messrs Rudd en Rhodes Mynpacht" laat registreer.

Luipaardsvlei was 'n groot plaas met 'n groot mynpag. Behalwe die mynpag was in hierdie stadium nog ongeveer 1000 kleims buite die mynpaggebied, 10 myne en 'n verdere 300 individuele delwers op die plaas bedrywig. Die Mynpacht Maatskappy se wins aan lisensiegelde op die kleims alleen, was tussen sesduisend en seweduisend pond per jaar. 'n Sindikaat, die Luipaardsvlei Alluvial Syndicate Limited is in 1887 gevorm om sowat 200 alluviale kleims op die plaas te bewerk. In Maart 1888 besluit die sindikaat om 'n maatskappy te stig wat verantwoordelik sou wees vir die ontwikkeling van Luipaardsvlei. Al die delwers wou nie met die nuwe Luipaardsvlei Gold Mining Investment and Amalgamation Syndicate, amalgeer nie, waarskynlik omdat hulle van mening was dat hulle op hul eie 'n bestaan kon maak.[49]

---

46 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer W6, Horcroft, *Sweat of the Sun...*, p.15,16.

47 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr L18, *Transportakte 844/1885*, Brief W.R. Bond-A.S. Domisse, 1 Jan. 1972.

48 A.P. Cartwright, *Gold Paved the way: The story of the Gold Fields Group of Companies*, pp.23,24,38.

49 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr L18, *Luipaardsvlei Estates*, sd.

Intussen het Rhodes en Rudd die Luipaardsvlei Estate and Gold Mining Company Limited gestig. Hierdie maatskappy is op 5 Mei 1888 in Londen geregistreer. Dieselfde jaar besluit hulle om twee-derdes van die mynpag te verkoop en drie maatskappye namens C.D. Rudd te floteer. Die maatskappye West Battery Reef Company, Battery Reef Company en Gold Mining Company het gesamentlik 'n kapitaal van £343000 (driehonderd-drie-en-veertig-duisend pond) gehad. Hiervan was £66667 (ses-en-sestigduisend seshonderd-sewe-en-sestig pond) in kontant aan Rhodes se Gold Fields betaal, terwyl die balans van £128333 (eenhonderd-agt-en-twintigduisend driehonderd-drie-en-dertig pond) in aandele belê is. Hiermee het Rhodes die sestigduisend pond wat hy vir die aankoop van Luipaardsvlei betaal het, dubbel en dwars terug gekry. Gold Fields het daardie jaar 'n wins van £23503 (drie-en-twintigduisend vyfhonderd-en-drie pond) gemaak. Die totale inkomste van £211300 (tweehonderd-en-elfduisend driehonderd pond) toon dat Rhodes se Gold Fields 'n goeie belegging gemaak het.[50]

Die drie afgestigte maatskappye was verantwoordelik vir die sink van verskeie skagte en ontwikkeling op Luipaardsvlei. Hulle het goudstampers op 'n paar plekke opgerig en produksie het 'n hoogtepunt bereik in 1889. Die drie maatskappye is later weer opgeneem in die oorspronklike maatskappy vir £350 000 (driehonderd-en-vyftigduisend pond).

Die Luipaardsvlei Estate en Gold Mining Company het soos baie ander myne, 'n ekonomiese resessie in die tydperk 1890 tot 1895 beleef.[51] Gedurende hierdie periode is die maatskappy verplig om geld te leen by die moedermaatskappy, Gold Fields of South Africa Limited.[52] Die uiteinde was dat die maatskappy in 1896 gelikwideer is, en vervang is deur 'n nuwe

50 Anon, *The consolidated Gold Fields of South Africa, Limited: The Gold Fields 1887-1937*, p.175. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp Africanaversameling, *Krugersdorp Nuus*, 27 Maart 1987 en inligtingsleêr L18, *Luipaardsvlei Estates*, sd.

51 Die resessie het ingetree as gevolg van onvermoë van die myne om die goud uit die erts te ontgin. Die ontdekking van die sianiedontginningsproses het die Suid Afrikaanse goudmynbedryf as't ware van ondergang gered. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr M11, *Die Mynwese*, sd.

52 Gold Fields of South Africa het met Anglo American saamgesmelt en staan sedertdien bekend as Anglo Gold.

Luipaardsvlei Estate and Gold Mining Company Limited, wat op 10 April 1896 in Londen geregistreer is.

Gedurende dieselfde periode het New Luipaardsvlei Gold Mining Investment and Amalgamation Syndicate Limited die ou Alluvial Syndicate oorgeneem. Die nuwe sindikaat is op 19 November 1897 geregistreer. Die sindikaat het bestaan uit 218 kleims geproklameer op die plaas Luipaardsvlei No 10, Krugerdorp Goudvelde. Verskeie gouddraende riwwe is deur die sindikaat in die rigting van Randfontein ontwikkel. Die ontdekking van die Bo-Luipaardsvlei rif het toestande vir hierdie maatskappy gunstig beïnvloed te midde van die ekonomiese resessie in die goudmynbedryf.[53]

Luipaardsvlei het 'n lae graad goud bevat, wat beteken het dat die myn minder goud ontgin het as wat aanvanklik bereken is. Teen 1898 het die Luipaardsvlei Estate and Gold Mining Company Limited hulle weer in finansiële moeilikheid bevind. Die direkteure van die maatskappy het in 1899 skuldbriewe ter waarde van £150000 (eenhonderd-en-vyftigduisend pond) uitgereik. Die Luipaardsvlei Estates and Gold Mining Company het in 1899, soos dit die geval was met ander myne in die Zuid-Afrikaansche Republiek, met die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog gesluit en eers weer in November 1902 sy werksaamhede hervat. Die myn het toe heropen met 514 kleims. Die droë vergruisingsproses is kort na die heropening vervang met 'n nat proses wat 'n maksimum kapasiteit van 100 stampmeulens gehad het[54] (foto no. 49).

Die Luipaardsvlei Estates Gold Mining Company het sedert sy ontstaan finansiële druk ondervind wat die voortbestaan van die myn bedreig het. In 1955 was die myn tydelik uit die finansiële knyptang gered toe dit 'n kontrak verkry het om uraan saam met die goud te verwerk. Die uraankontrak het in 1965 verval. Teen daardie tyd was die goudriwwe uitgewerk en verdere

---

53 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr L18, *The SA Globe*, 14 Mei 1898.

54 Anon, *The Consolidated Gold Fields of South Africa...*, p176-177.

goudproduksie nie winsgewend nie. Die Luipaardsvlei Estates and Gold Mining Company het in 1970 finaal produksie gestaak en die myn gesluit.[55]

Sport- en ontspanningsfasiliteite is eers in die laat dertigerjare vir werkers van Luipaardsvlei Estates ontwikkel as gevolg van die finansiële druk wat die myn ondervind het. Desnieteenstaande het die myn 'n konstruktiewe bydrae gemaak tot die welvaart van Krugersdorp en oor 'n lang tydperk werk verskaf aan 'n groot aantal van sy inwoners,[56] "…..at a rate outstripping the rise in population and has so contributed substantially to the steady rising standard of living… it is clear that gold mining continues to be a most important influence in the development of our economy."[57]

### 6.2.2 WEST RAND CONSOLIDATED MINES

Die tweede groot myn wat 'n betekenisvolle invloed op die ekonomiese ontwikkeling van Krugersdorp uitgeoefen het, is West Rand Consolidated Mines (WRCM). West Rand Consolidated Mines het in 1903 tot stand gekom op grond wat in 1887 tot openbare delwerye verklaar is. Die maatskappy het 'n aantal van die kleiner myne ten suide van Krugersdorp, insluitend die Violet, Lancaster, West Rand Central, Flora Consolidated, West Rand Mines en Yorkmyn saamgevoeg as The West Rand Consolidated Mines. Die maatskappy is op 20 Augustus 1903 geregistreer. Die nuwe myn het ook 2321 kleims bevat, elk 1,5 akker (6 hektaar) groot, sodat die totale oppervlakte van die myn in hierdie stadium 3392 akkers (1372.70 hektaar) groot was.[58]

Die samesmelting van die myne het tot 1906 geduur toe daar begin is met die sink van twee nuwe skagte. Die skagte, Oos Rand en Flora, is die daaropvolgende jaar voltooi. Maalbedrywighede teen ongeveer 20 000 ton

---

55 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr L18, *Luipaardsvlei Estates*, sd.

56 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr L18, Brief W.R. Bond-A.S. Domisse, 11 Jan. 1972.

57 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr M11, W.J. Burschau, *50 Years of achievement*, 1910-1960.

58 *Keartland's metrieke omsettingstabelle*, een akker is gelyk aan 0.404686 hektaar, tabel 17. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W6, A.G. McRae, *West Rand Consolidated Mines, Limited*, 9 Okt. 1967.

erts per maand het in 1908 'n aanvang geneem. Die Oosskag het in produksie gebly tot in 1957 voordat dit afgeseël is. Die Wesskag, met sy baie kompartemente wat in 1909 gesink is, is 'n ingenieursprestasie vir sy tyd. Die eerste mynbestuurder was Robert Pill. Vir hom was dit belangrik dat die myn moes groot dink "...to look for large reduction plants and mining operations of corresponding magnitude."[59]

Na die sink van die Wesskag het 'n redelike lang tydperk verloop sonder verdere uitbreiding by die myn. Die ingebruikneming van die nuwe reduksiewerke in 1928, wat die kapasiteit van die reduksiewerke verhoog het tot 35 000 ton erts per maand, het 'n nuwe era in die ontwikkeling van die myn ingelui. Latere uitbreidings het die kapasiteit van die reduksiewerke tot 305 000 ton erts per maand verhoog.[60]

Die mynwerkerstaking van 1922[61] het die WRCM by 'n kruispad gebring. George D. Stephan was die mynbestuurder. Die mynstaking en gepaardgaande onrus was hoofsaaklik aan die Oosrand. Die gevaar dat die geweld ook na die Wesrand kon uitbrei het die mynbestuur onder groot druk geplaas. Die staking het hoofsaaklik onder Blankemynwerkers voorgekom, maar as gevolg daarvan was 'n groot persentasie Swartmynwerkers ook ledig. Die ledigheid het tot die opbou van onrus in Krugersdorp aanleiding gegee Volgens die voorsitter van General Mines, Sir George Albu, het Stephan die dreigende en gevaarlike situasie in Krugersdorp

---

59 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W6, *WRCM Gedenkpublikasie*, 1953. Kyk ook Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG), Bloemfontein, koerantknipsel 321, *The Sunday Star*, 23 Febr. 1986, p.4.

60 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W6, *WRCM Gedenkpublikasie*, 1953.

61 'n Daling in die goudprys na die Eerste Wêreldoorlog het die winsgewendheid van baie mynmaatskappye bedreig. Die Kamer van Mynwese het besluit om die produksiekoste te besnoei deur die lone van hoog besoldigde mynwerkers te verminder en die ondergrondse werk te herorganiseer sodat die werk van sekere Blankes voortaan deur Swartes gedoen sou word teen 'n laer salaris. Implementering van hierdie besluite sou tot die afdanking van ongeveer 2 000 Blankemynwerkers lei. Die Blankemynwerkers het nie hiermee genoeë geneem nie en 'n staking uitgeroep. Die staking het spoedig tot grootskaalse geweld, veral aan die Oosrand, oorgegaan sodat die regering verplig was om die polisie en weermag in te stuur om wet en orde te handhaaf. S.B. Spies, "Unie en Onenigheid, 1910-1924", T. Cameron & S.B. Spies, *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, pp.245-247.

bewonderingswaardig hanteer en ontlont.[62] Die enigste voorval van geweld wat in Krugersdorp voorgekom het, verwys na 'n beampte van WRCM wat deur 'n aantal mans en vroue afgeransel is, maar meld geen besonderhede oor die redes vir die afranseling en omstandighede nie.[63]

Die mense wat die meeste deur die staking geraak is, was die vroue en kinders, omdat die stakende mans geen inkomste in hierdie tyd verdien het nie. Die Women's Active League het voor die landdroskantore 'n protes optog gehou en 'n petisie aan die Goewerneur-Generaal gerig met die versoek dat hy die staking tot 'n einde moes bring, want hulle ly broodgebrek as gevolg van die staking.[64]

Die daaropvolgende jaar is Calvin Stowe McLean as Algemene Mynbestuurder by WRCM aangestel. Onder sy leiding het WRCM begin kyk na wyses om die winsgewendheid van die myn te verhoog. Dit het gepaard gegaan met die rekonstruksie van die myn se bedryfskapitaal. Uitgebreide planne vir groter produksie is van stapel laat loop. Dit het die sink van nuwe skagte ingesluit. Die Suidskag is 420 voet (128.02 meter) dieper in September 1932 gesink, gevolg deur die 454 voet (138.38 meter) van die Diepskag in Mei 1940 en die Monarch skag se 763 voet (56.68 meter)[65] in September 1955. Gedurende die sinkproses van hierdie skagte is drie wêreldrekords in skagsinking verbeter. Die maaltempo is as gevolg van hierdie uitbreidings tot ongeveer 210 000 ton per maand verhoog.[66]

Die Noord Sandhoop[67] is 'n bekende baken in Krugersdorp en een van die hoogste punte op die Witwatersrand. Dit het 'n hoogte van 6057 voet (1846.1736 meter)[68] bo seespieël. Die mynhoop is allerweë beskou as die

---

62 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr S22, *Strike*, 1922. Kyk ook L. Callinicos, *Gold and Workers, 1886-1924: A peoples history of South Africa*, Vol 1, pp.82-85, en SAB, Pretoria, GG, band 1954, verw. 62/2356, *Industrial crisis*, 1922.

63 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Transvaler*, 5 Okt. 1989, p.11.

64 Sentrale Argiefbewaarplek (SAB), Pretoria, GG, band 1954, verw. 62/2356, *Industrial crisis*, 1922.

65 *Keartland's metrieke omsettingstabelle*, Een voet is 0,3048 meter, Tabel 3.

66 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W6, *WRCM Gedenkpublikasie*, 1953.

67 Die Noord Sandhoop is sigbaar op foto no.44.

68 *Keartland's metrieke omsettingstabelle*, Een voet is 0,3048 meter, Tabel 3.

grootste mensgemaakte "berg" in die wêreld. Tussen 1903, toe die eerste storting daar plaasgevind het, tot in 1968, toe storting gestaak is, is ongeveer 18 miljoen ton geprosesseerde gouddraende sand op die hoop gestort. Storting op die hoop is gestaak omdat dit te duur geword het om sand en gruis op die hoë hoop te stort. Die nuwe proses om erts te maal, in plaas van fyn te stamp, het 'n fyner eindproduk gelewer wat sedert 1968 goedkoper in slikdamme gestort kon word. Die mynhoop was 350m lank, 180m wyd en 85m hoog. Daar is in 1968 begin met die herwinning van goud uit die ou mynhope. Na raming is 2 miljoen ton sand sedertdien verwerk teen 'n gemiddeld van 0.5% goud per ton sand. Dit is gelyk aan 1500kg goud. Die herwinning van goud uit die mynhoop veroorsaak dat die baken geleidelik besig is om te verdwyn.[69]

West Rand Consolidated Mines het 'n uitstekende veiligheidsrekord -- 'n reputasie wat deur Calvin Stowe McLean tot stand gebring is. Veiligheid is sedert die totstandkoming van die myn 'n saak wat hoë prioriteit geniet het. Dit het na 1915 nie minder as 23 skilde en pryse verower in veiligheidskompetisies wat deur die Kamer van Mynwese beheer word. WRCM het in die tydperk 1927-1936 elke jaar 'n veiligheidstoekenning gewen, insluitende die Safety Challenge Shield (ook bekend as die C.S. McLean Shield) in 1931, 1934, 1935 en 1936. Veiligheidstoekennings het 'n gereelde gebeurtenis by die myn geword. Die myn het sedert 1953 by 10 geleenthede die naam "Veiligheid Miljoenêr"[70] verower, en die eerste myn geword wat 3 000 000 skofte sonder 'n noodlottige ongeluk kon werk. In 1983 het die myn die eerste keer die "Falls of ground safety ladder competition Class II"[71] gewen. Die myn het op 19 Augustus 1983 'n driester-veiligheidstoekenning ontvang, wat aan WRCM internasionale erkenning op veiligheidsgebied verleen het.[72]

---

69 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp Nuus*, 13 Des. 1991.

70 "Veiligheid Miljoenêr" verwys na een miljoen ongeluksvrye werkskofte. INEG, Bloemfontein, koerantknipsel 321, *The Sunday Star*, 23 Febr. 1986, p.4.

71 Kompetisie vir geen grondverskuiwings of insinkings.

72 INEG, Bloemfontein, koerantknipsel 321, *The Sunday Star*, 23 Febr. 1986, p.4.

Dit was nie net sy veiligheidsrekord wat West Rand Consolidated Mines wêreldbekend gemaak het nie. Op 'n stadium toe die goudmynbedryf op 'n laagtepunt was as gevolg van Suid-Afrika se uittrede uit die goudstandaard (1931), het die ontginning van uraan nuwe hoop vir die myn gebring. WRCM is die eerste myn wat in Suid-Afrika uraan geproduseer het. Die goudriwwe kon nie meer ekonomies ontgin word nie. Walter Scott, wat McLean as Mynbestuurder opgevolg het, het reeds in die dertigerjare voorbereidings begin tref vir grootskaalse uraan produksie by WRCM. Veral die "Bird Reef" het intensiewe aandag geniet. Met die devaluasie van die Suid-Afrikaanse pond in 1949, was dit noodsaaklik dat die myne 'n tweede keer kyk na die ontginning van laegraad erts. WRCM het 'n bykomende reduksiewerke opgerig om die erts uit die Bird Reef te verwerk.[73]

Die splitsing van die atoom tydens die Tweede Wêreldoorlog en die daaropvolgende ontwikkeling in kerntegnologie het van uraan 'n baie gesogte metaal gemaak. Die Suid-Afrikaanse Goudmyn-industrie was die wêreld se grootste bron van hierdie wonder metaal. Uraan is in 1789 ontdek, maar tot in 1939 is dit as 'n arm familie van radium beskou. Die ontdekking tydens die Tweede Wêreldoorlog dat die uraankern splitsbaar is en dat dit in dele opbreek wanneer dit met neutrone beskiet word en sodoende 'n geweldige krag en neutrone vrystel, het die atoomeeu ingelui. Uraan is 'n harde, maar smeebare metaalelement. Dit is wit en glansryk en kan gepoleer word. Dit word in die natuurlike staat nooit alleen gevind nie, maar kom hoofsaaklik voor in pikglans en karnoliet. Dit word dwarsoor die wêreld aangetref, maar nêrens in groot hoeveelhede nie.[74]

WRCM is die eerste myn in Suid-Afrika om hierdie wondermetaal te produseer. Die reduksiewerke. 'n pionier installasie, was een van die indrukwekkenste in die Suidelike halfrond. Die oorskiet slik van die goudafdeling is hier met swaelsuur en mangaan oksied behandel. Die suur los

73 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W6, *The Mineral Wealth of Krugersdorp*, 1954.

74 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp Times and Wesrander*, 21 Aug. 1953.

die uraan in 10 uur op. Die oplossing word dan gefiltreer en deur die neerslag afdeling gestuur, waar die yster en uraan afgeskei word deur die byvoeging van kalk en ammoniak. Die uraanoksied word dan op kersfiltreerders versamel en op 'n voerband weggeneem om te droog en verpak te word voordat dit uitgevoer is.[75] In 1950 het WRCM tot die produksie van uraan toegetree. 'n Brits-Amerikaanse maatskappy het 'n kontrak met die myn aangegaan vir die aankoop van die myn se uraanproduksie. Die uraanverrykingswerke is

luisterryk op 8 Oktober 1952 deur die Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika, Dr. D.F. Malan, geopen: "The opening of the Uranium Plant at West Rand Consolidated Mines Limited is for South-Africa the most important metallurgical event of the century."[76]

WRCM het hierna twee myne parallel bedryf. Die bestaande goudskagte het voortgegaan met hulle normale goudproduksie, terwyl die Monarchskag hoofsaaklik gebruik is vir die uraanproduksie. Die vraag na uraan het in die sewentigerjare afgeneem. Die uraanproduksie is in 1975 gestaak ten gunste van goud, wat 'n ongekende oplewing beleef het. Die koste vir die maal van erts by WRCM het met 46.9% gestyg as die kostes vir 1977 (R22.67 per ton erts) vergelyk word met die kostes van 1984 (R33.30 per ton erts). WRCM het as gevolg van die hoë kostes en skommelings in die goudprys vir sommige jare goud teen 'n groot verlies geproduseer. Staatshulp, wat in 1982 R13 miljoen beloop het, is in hierdie jaar onttrek. Dit het die voortbestaan van die myn bedreig.[77] Die myn is in 1982 verkoop aan 'n plaaslike konsortium, maar dit kon nie oorleef nie en die myn is in 1989 finaal gesluit.[78] WRCM was in hierdie stadium deel van General Mining Union Corporation, die Gencor-groep.[79]

---

75 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Mining Survey: Uranium Survey in South Africa*, Mrt. 1953.

76 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W6, *The mineral wealth of Krugersdorp*, 1953. Kyk ook *Krugersdorp Times and Wesrander*, 21 Aug. 1953.

77 J Visagie, *Die bedryfskundige aspekte vir die bepaling van die lewensduur van 'n Wesrandse goudmyn* (ongep. M. Comm.-verhandeling, PU vir CHO, 1986), pp.4,5.

78 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W6, *Krugersdorp Times and Wesrander*, 21 Aug. 1953, *Wesrander*, 27 Aug. 1982, *Krugersdorp Nuus*, 28 Jul. 1989.

79 J. Visagie, *Die bedryfskundige aspekte*..., p.4.

Die mynbestuur het nie net 'n hoë premie op indiensopleiding en 'n uitstekende veiligheidsrekord geplaas nie, maar ook effektiewe behuising aan sy personeel verskaf. Die Swartmynwerkers het in kamponge (mynhostels) gewoon waar hulle moes aanpas by 'n nuwe lewensstyl weg van familie en gesinne. Callinicos beskryf in haar *Gold and Workers* breedvoerig die lewe in die mynkampong[80] en hoe die kampong die daaglikse bestaan van die trekarbeider vir die duur van sy kontrak met die myn beheer het. Geleentheid vir sosiale verkeer en ontspanning was beperk tot die hou van gereelde myndanskompetisies en sokkerwedstryde. "Gumboot dancing" wat sy oorsprong in die myndanse het, is vandag nog 'n gewilde dansvorm onder Swartjeugdiges in Kagiso en die omliggende informele nedersettings. Sportfasiliteite vir Swartwerkers op WRCM het later jare ook voorsiening gemaak vir die beoefening van tennis, fietsry en atletiek.[81]

'n Moderne woongebied met ongeveer 400 woonhuise en 40 woonstelle is vir die Blanke werkers aangelê. Die gemeubileerde en goed toegeruste enkelkwartiere het 130 Blanke myners gehuisves. Blanke personeel het ook die voordeel gehad van uitstekende sportfasiliteite vir die beoefening van buitelug en binnenshuise sport, asook 'n biblioteek, klubhuis en danssaal.[82]

Die mynhospitaal het goed vergelyk met die beste mynhospitale ter wêreld. Die hospitaal het na die welsyn van al die myners en hulle gesinne omgesien. Die hospitaal was besonder goed toegerus om die talle pasiënte met longprobleme eie aan die mynbedryf, insluitende myntering, te behandel.[83]

Mynbou het 'n onuitwisbare merk gelaat op die geskiedenis en ontwikkeling van Krugersdorp. Met die produksie van uraan op sy hoogtepunt, was Krugersdorp selfs bekend as die *Uraanstad* van die wêreld.[84] Die ondergrondse ertstonnels van WRCM en Luipaardsvlei Estates het mettertyd

---

80 L Callinicos, *Gold and Workers...*, pp.45,46.

81 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W6, A.G. McRae, *West Rand Consolidated Mines Limited*, 9 Oktober 1967.

82 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W6, *WRCM Gedenkpublikasie*, 1953.

83 INEG, Bloemfontein, koerantknipsel 12-1-120, *The South African Financial Gazette*, 4. Aug. 1972.

84 S. Schlemmer, *Gemeenskap identifikasie-studie van Krugersdorp* (ongep. maatskaplike studie, UNISA, 1984), p.9.

mekaar se myngebiede begin oorvleuel. Dit het tot die sluiting van 'n samewerkingsooreenkoms tussen die twee mynhuise (Gencor en Gold Fields) gelei.[85]

Die talle mynhope wat vandag nog binne die munisipale grense van Krugersdorp voorkom, getuig van die dorp se jarelange verbintenis met die mynbou-industrie. Die mynhope kan volgens Schlemmer in drie groepe ingedeel word, naamlik sandhope, gruishope en slikdamme. Die sandhope dateer uit die vroeë stadiums van die goudmyne. Die hope het 'n baie hoë suurinhoud as gevolg van die sianiedontginningsproses, wat die hervestiging van plantegroei op die sandhope baie bemoeilik. Die herwinning van goud uit die sandhope, veroorsaak dat die sand baie los is en met die geringste voorkoms van wind, ernstige lugbesoedeling in die Sentrale Besigheiddistrik en nabygeleë woongebiede veroorsaak. Die gruishope sal na verwagting mettertyd verdwyn omdat die gruis gebruik word vir padkonstruksie en vir boudoeleindes. Die slikdamme bevat verpoeierde rotsmateriaal wat in slikvorm in verdampingsdamme gepomp word. Die uitloging van 'n hoë konsentraat oplosbare soute hou 'n besoedelingsgevaar vir nabygeleë riviere en damme in.[86] Die besoedelingsgevaar en gepaardgaande bedreiging van die lewenskwaliteit van die inwoners, is 'n kommerwekende saak wat reeds vir etlike jare die aandag van die Krugersdorp Stadsraad geniet.[87]

### 6.2.3 SWART-, SJINESE- EN AFRIKANERARBEID OP DIE GOUDMYNE

Die goudmyne was sedert 1897 tot 1989 met die sluiting van WRCM Krugersdorp se belangrikste werkverskaffers. In die onderstaande tabel kan die aantal myners wat in 1953 in die diens van Luipaardsvlei Estates en WRCM was, vergelyk word met ander Wesrandse myne.[88]

---

85 J. Visagie, *Die bedryfsrekenkundige aspekte...*, pp.14,15.

86 S. Schlemmer, *Gemeenskaps identifikasie studie...*, p.10.

87 Stadsraad, Krugersdorp, *Situational analysis for die Krugersdorp Transitional Local Council, Jan. 1996*, pp.48-50.

88 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/21, korrespondensieleêr A45, *Mining activity on the West Rand*, 1953.

| WERKNEMERS IN WESRANDSE GOUDMYNE: 1953 | | | |
|---|---|---|---|
| **Goudmyn** | **Blankes** | **Swartmense** | **Totaal** |
| Luipaardsvlei Estates | 398 | 3 796 | 4 194 |
| WRCM | 1 032 | 8 475 | 9 507 |
| Randfontein Estates | 2 542 | 23 895 | 26 427 |
| Consolidated Main Reef | 992 | 7.683 | 8 675 |
| Durban Roodepoort | 592 | 5 017 | 5 609 |

**Figuur 39**

Die invloed wat die uraanproduksie op die arbeidsvoorsiening van WRCM gehad het, kan uit die tabel afgelei word as dit met die syfer van Luipaardsvlei Estates en die ander myne vergelyk word. Die Randfonteinmyn was in 1953 die grootste goudmyn aan die Wesrand,[89] gevolg deur WRCM. Die ekonomiese druk wat die Luipaardsvlei Estates goudmyn in 1953 ondervind het, kan uit die aantal persone in diens van die myn afgelei word, alhoewel Luipaardsvlei een van die kleiner goudmyne aan die Wesrand was. Uraanproduksie het nie 'n betekenisvolle vermeerdering van werkers in die geval van Luipaardsvlei Estates meegebring nie.

Die bogenoemde myne het van Swarttrekarbeiders gebruik gemaak. Die arbeiders is in die sogenaamde tuislande van Afrika gewerf en by aankoms kontraktueel verbind om vir 'n bepaalde periode vir 'n spesifieke myn te werk. Die Swartmynwerkers is tot in onlangse jare slegs vir die ongeskoolde werk, waarvoor hulle 'n minimum loon ontvang het, aangewend.[90] Die Swartarbeiders is op die delwerye in tente en by die myne in kamponge gehuisves (foto no.50). Die mynkommissaris het die delwerye gereeld besoek, waar hy onder andere ook die woonkwartiere van die Swartarbeiders geïnspekteer het (foto no.51).

Die groot aantal Swartmense wat vandag op die Witwatersrand, en in Krugersdorp, saamgetrek is, is 'n direkte nalatenskap van die

---

89 Randfontein Estates was in 1991 die tweede grootste goudmyn aan die Wesrand naas Western Deep Levels wat in 1962 gestig is. Wes-Gauteng Diensteraad, Randfontein, *Development in Western Gauteng: Issues and approaches*, tabel 4.11.

90 Kyk L. Callinicos, *Gold and workers...*, en R.E. Phillips, *The Bantu in the city. A study of cultural adjustment on the Witwatersrand*, vir besonderhede oor die werwing van Swartmynwerkers en hulle lewensomstandighede in die mynkamponge.

goudmynbedryf. Die goudmyne het werk aan duisende Swartmense verskaf. Baie van hierdie mense het na die verstryking van hulle dienskontrakte by die myne na die Witwatersrand teruggekeer om hier 'n heenkome te kom soek in aanverwante bedrywe en nywerhede.

Die koste om Swarttrekarbeid te bekom en in diens te hou, maar ook die onwilligeheid van Swartmense om vir 'n minimum loon op die myne te kom werk, het die mynbase na die Suid-Afrikaanse Oorlog gekonfronteer met 'n tekort aan ongeskoolde arbeid. Die invoer van ongeveer 63695 Sjinese om ongeskoolde arbeid in die myne te verrig, is as 'n oplossing vir die goudmyne se arbeidsprobleme gesien. Die Ordonnansie vir die Invoer van Arbeid, No. 17 van 1904, het die Sjinese beperk tot ongeskoolde arbeid in die myne van die Witwatersrand. Na die verstryking van hulle drie jaar kontrak, of hernuweing daarvan, is die Sjinese op die koste van die invoerder gerepatrieer. As gasarbeiders het die Sjinese geen sê gehad in watter werk hulle wou doen nie, waar hulle wou werk nie of vir wie hulle wou werk nie. Wanneer hulle nie gewerk het nie, is hulle tot die kamponge beperk. 'n Permit om die kampong te verlaat, was slegs vir 48 uur geldig. Verder is die Sjinesemynwerkers nie toegelaat om handel te dryf, alkoholiese drank te gebruik of eiendom te huur of te besit nie. Burgerlike oortredings soos weiering om te werk, drosting, handeldryf en verandering van werkgewer was in die geval van die Sjinesemynwerkers kriminele oortredings waarvoor boetes, gevangenisstraf of selfs deportasie opgelê is.[91]

Die diskriminerende bepaling van Ordonnansie 14 van 1904 het veroorsaak dat die gevestigde Sjinesegemeenskap aan die Witwatersrand[92] nie ten gunste van die invoer van Sjinese vir die myne was nie. Die Transvaal Chinese Association wat in 1903 gestig is, het hulle skerp oor die diskriminerende bepalinge uitgespreek. In 'n tydperk toe groot werkloosheid onder Blankes voorgekom het as nagevolg van die Suid-Afrikaanse Oorlog, was die redes wat aangevoer is vir die invoer van die Sjinese-arbeiders ook vir baie Blankes

---

91 M. Yap & D.L. Man, *Colour, confusion and concessions. The history of the Chinese in South Africa*, p.108.

92 Kyk hoofstuk vier vir besonderhede oor die vestiging van Sjinese in Krugersdorp.

nie aanvaarbaar nie.[93] Die sogenaamde gebrek aan intelligensie en werkywer van die Swartmynwerker het vir die Blanke (Afrikaner) mynwerker geen bedreiging ingehou nie, maar die invoer van die Sjinesemynwerkers is as 'n bedreiging gesien omdat die Sjinese met hulle in kompetisie sou staan vir die halfgeskoolde werk.[94] Die Krugersdorp Chamber of Commerce het ook beswaar teen die invoer van die Sjinese gemaak omdat die Sjinese se beperking tot die kamponge nie die plaaslike handel sou bevoordeel nie. Die Besigheidskamer het die owerheid versoek om die mynregulasies in oorleg met die Kamer te hersien sodat die plaaslike handel bevoordeel kon word.[95]

Callinicos[96] wys daarop dat meer as die helfte van die Sjinese binne die eerste jaar ná hulle aankoms gedros het omdat hulle ontevrede was met hulle lone en die werk- en woonomstandighede. Baie van die drosters het na 'n paar dae na die myn teruggekeer, veral wanneer hulle besef het hoe onbereikbaar ver hulle van die "huis" was. Baie het nooit teruggekeer nie, maar in groepe 'n swerwerbestaan gevoer totdat hulle 'n ander heenkome kon vind. Die Sjinesemynwerkers het die eerste ses maande van hulle kontrak een sjieling vir elke skof van tien uur verdien, omdat die mynbase groot onkostes moes aangaan om hulle na Suid-Afrika in te voer. Na die eerste ses maande is hulle 50 sjielings vir elke 30 skofte betaal mits almal ekstra tyd en boorwerk ingesit het. Toe hulle loon nie na die ses maande verhoog is nie, het die ontevredenheid van die Sjinese tot onrus op die myne aanleiding gegee.

Volgens Callinicos het ongeveer 1300 Sjinese by die Noord-Randfontein myn gewerk. Hulle het 53 leiers aangewys om met die mynbestuur oor 'n verhoging in hulle lone te onderhandel. Die mynbestuur het hulle versoek afgewys, maar aangebied om die leiers "boss boys" meer te betaal as hulle spanne harder werk. Die leiers het hierdie aanbod van die hand gewys. Die Sjinesemynwerkers het hierna 'n sloerstaking uitgeroep. Volgens hulle

---

93 M. Yap & D.L. Man, *Colour, confusion and concessions...*, pp.99,100.

94 E.N. Katz, "The underground route to mining. Afrikaners and the Witwatersrand Gold Mining industry from 1902 to the 1907 miner's strike", *Journal of African History*, No.36, 1995, p.473.

95 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer C5, *Krugersdorp Besigheidskamer*, 1995, p.1.

96 L. Callinicos, *Gold and workers...*,, pp.67,68.

kontrak was die hamerboorder byvoorbeeld verplig om twaalf duim (304.8mm)[97] per dag te boor. Op 29 Maart 1905 het geeneen van die hamerbore by die Noord-Randfonteinmyn meer as 13 duim (330.2mm) geboor nie, waar hulle in die verlede tussen 24 en 36 duim (609.6 tot 914.4mm) per dag geboor het.

Na die derde dag van die sloerstaking het die mynbestuurder die hulp van die polisie ingeroep, ten spyte daarvan dat die Sjinese nie hulle kontrakte verbreek het nie, of die wet oortree het nie. Die werkers het hulle teen arrestasie verset en na twee ure in die rigting van die Lancastermyn naby Krugersdorp opgeruk om daar ondersteuning vir hulle saak te werf. Die polisie het hierop versterkings vanaf Krugersdorp ingeroep en die 53 leiers gevange geneem. Die leiers is vir "openbare onrusstokery" aangekla en tot nege maande gevangenisstraf met harde arbeid gevonnis.

Alhoewel die Sjinesemynwerkers by Noord-Randfontein hulle leiers verloor het, was die sloerstaking volgens Callinicos 'n sukses. Die mynbestuur het besef dat die Sjinese produksie by die myn tot 'n stilstand kon dwing en die lone van die werkers is aangepas. Bogrondse werkers het voortaan een sjieling en ses pennies per dag verdien en die hamerboormanne een sjieling vir elke 24 duim (609.6mm) wat hulle per dag geboor het. 'n Bonus is betaal as hulle meer as 36 duim (914.4mm) per dag geboor het. Die werkers was tevrede met hierdie loonverhogings. Die produksie van die myn het hierna verhoog. Die onrus by die Noord-Randfonteinmyn het die Sjinese werkers by die ander goudmyne aan die Witwatersrand ook bevoordeel want die nuwe loontariewe is ook daar geïmplementeer.

Volgens Yap en Man was die bedoeling met die invoer van die Sjinesemynwerkers nie om die Swartmense permanent op die myne te vervang nie, maar 'n eksperiment om die tydelike tekort en fluktuasie van arbeid te hanteer. Teen die middel van 1907 was dit duidelik dat die arbeidsvraagstuk die hoof gebied is en dat Swartmense goedkoper vir die ongeskoolde werk aangewend kon word. Dit het gelei tot die repatriasie van

97 *Keartland's metrieke omsettingstabelle,* Een duim is gelyk aan 25.4 millimeter, tabel 1.

die Sjinese, wat tot Februarie 1910 geduur het. Die Sjinese is in groepe, soos wat hulle drie jaar kontrakte verval het, gerepatrieer. Die repatriasie van die Sjinesemynwerkers het gepaard gegaan met die opgrawe en verassing van gestorwe werkers sodat die asse deur vriende en familie na Sjina teruggeneem kon word.[98] Die Krugersdorp Munisipale Raad is via die Buitelandse Departement Arbeid versoek om toestemming te verleen vir die opgrawing en verassing van die gestorwe Sjinese werkers van die myne in die Krugersdorp en Randfontein gebied.[99] Die verassing in Krugersdorp (foto no. 52) het 'n volle agt dae geduur.[100]

Die Sjinesemynwerkers is nie die "voorvaders" van die Suid-Afrikaanse Sjinese gemeenskap nie, maar hulle koms na Suid-Afrika het volgens Yap en Man 'n betekenisvolle en blywende impak op die politiek, ekonomie en samelewing van die tyd gehad.[101]

- Die koms van die Sjinesemynwerkers het die opkoms van die Het Volk-koalisie in Transvaal in 1906 ten koste van die Britese regering tot gevolg gehad en beslag gegee aan Suid-Afrika se industriële kleurslagboom.
- Suid-Afrika was danksy die Sjinese arbeid binne twee jaar na hulle aankoms, weer die wêreldleiers in die produksie van goud. Die produksie van die myne aan die Witwatersrand het van 3658241 fynons goud in 1904 toegeneem tot 7228311 fynons in 1910.
- Die koms van die Sjinesemynwerkers het tot die ontstaan van die Sjinese Konsulaat in Johannesburg gelei, alhoewel die konsulaat se personeel nie toegelaat is om die myne te besoek nie.
- Dit is moeilik om te bepaal watter invloed die koms van die Sjinesemynwerkers gehad het op die promulgering van beperkende wetgewing teen die Asiërs (Indiërs en Sjinese) van die tyd. Die Cape

---

98 M. Yap & D.L. Man, *Colour, confusion and concessions...*,, pp.108,133.

99 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's minute for the year ending 31 October 1907*, p.53.

100 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer M10, *Sjinesemynwerkers*, sd. Kyk ook *The Standard*, 3 Okt. 1937, p.6 vir berig oor die verassing van die Sjinesemynwerkers.

101 M. Yap & D.L. Man, *Colour, confusion and concessions...*, pp.134,135.

Chinese Exclusions Act van 1904 het byvoorbeeld Sjinese verbied om in die Kaap te vestig. Die Transit Immigrants Act van 1904 het arbeiders in Natal tot kamponge beperk en vereis dat "vrye" Sjinese[102] woonpermitte moes dra.

Die sosio-ekonomiese omstandighede en hoë werkloosheidsyfer na die Suid-Afrikaanse Oorlog het tot 'n toestroming van Blanke Afrikaners na die stede en myne gelei. Bogrondse werk was baie skaars en ontoeganklik vir die ongeskoolde Afrikaner as gevolg van die vereiste dat bogrondse ambagsmanne minstens die vierde skoolstanderd moes geslaag het. As gevolg van werkreservering was dit baie moeilik om "geskoolde" werk te bekom. Baie van die Afrikaners was daarom verplig om ondergronds te werk, waar hulle ongeskoolde werk verrig het, en geleidelik as leerlingmyners opgelei is om die geskoolde werk te doen. Katz skryf dit toe aan F.H.P. Cresswell se eksperiment om meer Blankes in die myne te gebruik omdat die Blankes volgens hom meer effektief is in die ongeskoolde arbeid as die Swartmense. Onderskeid is gemaak tussen die werk wat Blankes verrig het en die werk van die Swartmynwerker. Sekere werke kon slegs deur Blankemynwerkers verrig word ter wille van "veiligheidsredes". 'n Duideike skeidslyn is gehandhaaf tussen die werk van Blankes en Swartmense in die myne omdat "...the assignment of similar work to whites and blacks would lower the standard of each, and breaking down the barriers which are essential to the supremacy of the white race."[103]

Blanke Afrikaners het, volgens Katz,[104] in 1907 ongeveer 17% van die totale Blanke arbeidsmag in die goudmyne aan die Witwatersrand uitgemaak. Die Afrikaners het in hierdie stadium een-derde van die geskoolde ondergrondse arbeidsmag uitgemaak. Katz onderskei tussen drie groepe arbeiders in die mynbedryf, naamlik:[105]

---

102 "Vrye Sjinese" is diegene wat nie kontraktueel na Suid-Afrika gekom het nie en 'n onafhanklike, selfstandige bestaan gemaak het.

103 E.N. Katz, "The underground route to mining...", pp.473-475, en 479.

104 E.N. Katz, "The underground route to mining...", pp.467-489.

105 E.N. Katz, "The underground route to mining...", pp.468,469 en 480.

**Myners**: Geskoolde vakmanne met 'n breë kennis van mynbou wat gesofistikeerde werk ondergronds verrig. Gekwalifiseerde myners moet in besit wees van 'n "skietsertifikaat".

**Vakmanne**: Geskoolde en halfgeskoolde operateurs, tenikusse en ambagsmanne wat hoofsaaklik bogronds werk.

**Mynwerker**: Ongeskoolde en halfgeskoolde arbeiders wat handearbeid ondergronds onder toesig van myners verrig.

Ongeskoolde werk is hoofsaaklik deur Swartmense verrig, alhoewel 'n groot aantal Blankes (Afrikaners) in die periode 1902-1907 tot die bedryf toegetree het. Die Blankes het selde harde handearbeid verrig. Hulle is as toesighouers oor spanne Swartmense aangewend. Belowende jongmanne is toegelaat om as leerlingmyner onder toesig van 'n myner die ondergrondse werk aan te leer. Sodra hy 'n "skietsertifikaat" bekom het, is hy toegelaat om die werk van 'n myner te doen.

Die impak wat myntering op die buitelandse arbeidsmag gehad het, het tot die inname van Afrikaners as myners bygedra. Myntering neem jare om te ontstaan. Dit word veroorsaak deur 'n hoë konsentrasie stof, wat algemeen ondergronds voorgekom het in die beginjare van die goudmynbedryf aan die Witwatersrand. Die buitelandse myners was na die Suid-Afrikaanse Oorlog reeds vir etlike jare aan die ondergrondse omstandighede blootgestel, sodat die mortaliteitsyfer relatief hoog was. Die voorkoms van myntering onder die Afrikaners het, volgens Katz, eers teen 1912 kommerwekkende afmetings begin aanneem.[106] Die voorkoms van myntering in Krugersdorp word in die onderstaande tabel opgesom:[107]

106 Kyk E.N. Katz, "The underground route to mining...", pp.485-488 vir 'n bespreking van die impak van myntering op die arbeidsmag van die goudmyne.

107 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's minute for the year ending 24 October 1905*, p.37; *Mayor's minute for the year ending 31 October 1906*, p.43; *Mayor's minute for the year ending 10 November 1915*, p.87; *Mayor's minute for the year ending 25 October 1916*, p.91.

| VOORKOMS VAN MYNTERING IN KRUGERSDORP | | | |
|---|---|---|---|
| **Jaar** | **Blankes** | **Nie-Blankes** | **Totaal** |
| 1905 | 9 | 36 | 45 |
| 1906 | 5 | 54 | 59 |
| 1915 | 3 | 73 | 76 |
| 1916 | 17 | 26 | 43 |

**Figuur 40**


Myntering het al die ondergrondse werkers aangetas. Die feit dat weinig Afrikaners teen 1905/1906 in diens van die Krugersdorpse goudmyne was, moet in aanmerking geneem word in die beoordeling van die gegewens vir die betrokke jare. Die afleiding wat gemaak word is dat die meerderheid van die mynteringgevalle, onder Blankes in hierdie tyd, onder immigrante myners voorgekom het. By implikasie beteken dit dat die Nie-Blankes wat in die statistiek aangedui word, reeds voor die Suid-Afrikaanse Oorlog ondergronds in die goudmyne moes gewerk het, want myntering neem etlike jare om te ontstaan. Nie-Blankes kan vir die jare 1905/1906 ook verwys na die Sjinesemynwerkers wat in 1904 by Krugersdorpse goudmyne begin werk het. Die periode wat vir die ontwikkeling van myntering nodig is, moet nie in die gegewens vir 1915-1916 buite rekening gelaat word nie. Die voorkoms van myntering onder Nie-Blankes sowel as Blankes was respektiewelik hoog in die jare 1915/916.

### 6.2.4 BYDRAE VAN MYNBOU IN DIE SOSIO-EKONOMIESE ONTWIKKELING VAN KRUGERSDORP

Die myne in Krugersdorp kon teen die middel dertigerjare nie meer die ekonomie van die dorp dra nie as gevolg van die lae goudprys en hoë produksiekoste. Krugersdorp het hom in hierdie tyd gaandeweg as 'n industriële reus begin vestig. Die proklamering van Factoria as nywerheidsgebied in 1938[108] het momentum aan Krugersdorp se nywerheidsontwikkeling gegee. Die ekonomiese prestasie van mynbou het as gevolg van die daling in die goudprys verder afgeneem. Dit het tot die


108 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/119, korrespondensilêer G9, *Konsep dorpbeplanningskema*, Maart 1939, p.2.

vestiging van meer sekondêre nywerhede in Krugersdorp gelei. In 1990 is Krugersdorp se betrokkenheid by die mynboubedryf aan die Wesrand slegs 2% in vergelyking met die 8% van Randfontein, 23% van Westonaria en 67% van Oberholzerdistrik (Carletonville)(figuur 40). In 1996 was slegs 6.7% van die plaaslike inwoners betrokke by die mynboubedryf.[109]




**Figuur 41**

Die gemeenskaplike bydrae van die Wesrandse goudmyne tot die algemene groeiprestasie[110] van Suid-Afrika toon sedert 1970 tot 1990 'n merkbare afname, soos weerspieël in die onderstaande grafiek:




**Figuur 42**

---

109 Stadsraad, Krugersdorp, *Urban structure plan for the Greater Krugersdorp*, Vol. 1, Jul. 1996, p.78.

110 In Engels bekend as die General Growth Performance of G.G.P.

Die afname kan toegeskryf word aan die hoë koste aan mynboutegnologie (diepte van Wesrandse myne, duur masjienerie en toerusting). Hierdie faktore hou 'n hoë risiko in vir kapitaaluitleg om nuwe myne te ontwikkel. Die hoë arbeidskoste en lae produktiwiteit, gekoppel aan die aansprake van georganiseerde arbeid, hou 'n bedreiging in vir verdere mynbouontwikkling. Uitwendige faktore soos die fluktuasies in die goudprys, internasionale kompetisie en die historiese impak van sanksies op ingevoerde materiaal is ook nie bevorderlik vir die goudmynbedryf aan die Wesrand nie. Hierdie faktore tesame met die gebrek aan 'n geïntegreerde ekonomiese en ruimtelike ontwikkelingsplan, gebrek aan opgeleide arbeid, onderbenutting van neweprodukte uit die mynboubedryf en die gebrekkige herbenutting van uitgediende mynboustrukture strem ekonomiese ontwikkeling aan die Wesrand.[111]

## 6.3. INDUSTRIËLE ONTWIKKELING

Die ligging van Krugersdorp, met uitstekende pad-en spoorwegverbinding met Johannesburg en die res van Suid-Afrika, leen hom tot die ontwikkeling van nywerhede. Hierdie feit is reeds so vroeg as 1912 deur die burgemeester aangehaal in sy verslag oor industriële ontwikkeling in Krugersdorp. Nyweraars uit die Verenigde Koninkryk het in hierdie stadium in die vestiging van nywerhede in Suid-Afrika belanggestel. Daarby was arbeid ook relatief goedkoop bekombaar en die munisipale belasting van die goedkoopste in die land.[112]

Die eerste nywerhede wat hulle in Krugersdorp gevestig het, was gerig op die behoeftes van die myne. Onderdele vir myntoerusting is ingevoer en plaaslik gemonteer - die eindprodukte heelwat goedkoper as die oorspronklike ingevoerde produk. Namate die tegniese vaardigheid van die nyweraars toegeneem het, het die fabrieke begin om van die onderdele plaaslik te vervaardig. Een van die eerste nywerhede wat hulle in 1914 in Krugersdorp

---

111 KCCI, Krugersdorp, inligtingsdokument, *Faktore wat die ekonomiese ontwikkeling aan die Wesrand strem*, 1996.

112 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's minute for the year ending 31 October 1912*, p.14.

gevestig het, Barrat en Pillans Ingenieurswerke (foto no.51), is vandag nog in bedryf. Hulle giet landbou- en myntoerusting uit afvalmetaal.[113] Die Wesrand Ingenieurswerke, wat in 1928 gestig is, word as een van die leiers van presisie ingenieurswerk in Suid-Afrika beskou. Hulle spesialiseer in die vervaardiging van 'n wye verskeidenheid onderdele vir myntoerusting. Wesrand Ingenieurswerke maak sedert sy ontstaan gebruik van die mees modernste toerusting in sy vervaardigingsproses.[114] Die daaglikse behoeftes van die duisende myners in Krugersdorp lei tot die vestiging van 'n wye verskeidenheid aanverwante nywerhede en fabrieke wat voedsel verwerk, asook meubels, skoene en klere vervaardig.

### 6.3.1 ONTWIKKELING VAN NYWERHEIDSGEBIEDE

Nywerheidsontwikkeling in Krugersdorp voor die Tweede Wêreldoorlog was stadig ten spyte daarvan dat die Stadsraad erfbelastings op nywerheidserwe en die lewering van munisipale dienste aanloklik laag gehou het.[115] Die ontwikkeling van die Factoria nywerheidsgebied is met versiendheid deur die Stadsraad aangepak. Dit is geleë op die deurweg na Johannesburg en grens aan die spoorwegstasie Luipaardsvlei. Die totale oppervlakte van die nywerheidsgebied beslaan 83358 hektaar, met 'n goeie padnetwerk en infrastruktuur. Factoria voorsien hoofsaaklik in die behoefte van ligte nywerhede soos Plascon, Hall & Longmore, Cobra Watertech en Trans-Natal Cutglass.[116]

Die Stadsraad van Krugersdorp was terdeë bewus van die feit dat die mynboubedryf in Krugersdorp reeds sy beste jare agter die rug gehad het. 'n Afname in goudproduksie en die sluiting van sommige myne is reeds in die

113 TAB, Pretoria, MKR, band 2/1/3/21, korrespondensieleêr A45, *Replies to questionnare submitted by the South African Railways and Harbours publicity department*, sd., p.6.

114 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr I2, *First: first in gold milling, first in shaft sinking, first as an industrial centre*, sd.

115 TAB, Pretoria, MKR, band 2/1/3/21, korrespondensieleêr A45, *Replies to questionnaire submitted by the South African Railways and Harbour publicity department*, sd., p.6.

116 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr I2, *First: first in gold milling, first in shaft sinking, first as an industrial centre*, sd. Kyk ook TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/119, korrespondensieleêr G9, *Konsep dorpsbeplanningskema*, Maart 1939, p.2.

laat veertiger- en vyftigerjare verwag. Die ontginning van uraan het, soos reeds na verwys, die lewensduur van sommige myne met 20 tot 30 jaar verleng. Alhoewel Krugersdorp oor baie jare 'n gesonde ekonomie opgebou het, het die Stadsraad die nadelige uitwerking van die sluiting van die myne op die ekonomie van die dorp besef: "Die vraag het ontstaan op watter wyse die skok van die sluiting die maklikste geabsorbeer kon word, en die voorhandliggende metode is om sorg te dra dat werksgeleenthede geskep moet word vir persone wat die myne se diens moet verlaat, en dat ondernemings na Krugersdorp gelok moet word wat die spandeerkrag van die myne kan vervang."[117]

Die Stadsraad se vertroue in die toekoms van Krugersdorp as industriële sentrum, is bewys deur die ontwikkeling van drie verdere nywerheidsgebiede binne die bestek van twintig jaar. Groot kapitale uitgawes is aangegaan om die nodige infrastruktuur te skep vir die ontwikkeling van Boltonia-, Delporton- en Chamdornywerheidsgebiede.

- Boltonia is aan die westekant van Krugersdorp, naby Krugersdorpstasie, ontwikkel. Dit voorsien hoofsaaklik in die behoefte van ligte nywerhede soos skrootwerwe (scrapyards), meubelfabrieke en stoorkamers en pakhuise vir groothandel soos Metro Cash & Carry. Die totale oppervlakte van die nywerheidsgebied beslaan 83066 hektaar.
- Delporton maak voorsiening vir nywerhede wat 'n hinderlike of onaangename neweeffek en reuke het, soos byvoorbeeld Davis Gelatine, Miller's Fertilizers en Kwiktan Leerlooiery. Dit is weg van die naaste Blankewoongebied, aangrensend aan die Krugersdorp Wildtuin en die rioolplaas, ontwikkel. Die nywerheidsgebied beslaan 'n totale oppervlakte van 33655 hektaar.
- Die Chamdornywerheidsgebied is in 1953 geproklameer. Dit beskik vandag oor 'n uitstekende infrastruktuur met 'n goeie pad- en spoornetwerk en beslaan 'n totaal van 362144 hektaar. Die gelyke

117 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geëindig 15 Mrt 1961*, p.7(a).

grondoppervlakte maak dit uiters geskik vir die vestiging van groot nywerhede. Van die nywerhede wat hulle in Chamdor gevestig het, is onder andere Afrox SA, African Engineering en SA Brouerye.[118]

Die Chamdor nywerheidsgebied is aanvanklik onder privaatinisiatief op grond van die Franse Champ D'Or-goudmyn ontwikkel. Die Stadsraad van Krugersdorp het in 1959 Chamdor aangekoop, tesame met genoeg aangrensende myngrond om die nywerheidsgebied tot dubbel sy aanvanklike grootte uit te brei. Opdrag is in dieselfde jaar aan konsultante gegee vir die ontwerp en ontwikkeling van 'n pad- en spoornetwerk. Hiervoor is £920 000 (negehonderd en twintigduisend pond) in die kapitaalbegroting voorsiening gemaak.[119]

Die aankoop van Chamdor het saamgeval met die ontwikkeling van Kagiso as 'n groepsgebiede woongebied vir Swartmense. Volgens Naude is die aankoop van Chamdor digby Kagiso juis beplan om goedkoop arbeid aan die nywerhede te voorsien. Vervoerkoste van arbeiders sou laag wees en minder man-ure sou verlore gaan as gevolg van swak vervoerstelsels. Dusdoende kon die vervaardiger sy produk goedkoper op die mark plaas. Dit is onwaarskynlik dat die groter wins wat nyweraars as gevolg hiervan gemaak het, afgewentel is tot voordeel van die arbeiders.[120] Arbeid is relatief goedkoop bekombaar in Krugersdorp. Sowel Blanke- as Swartarbeids woon binne 10 kilometer vanaf die nywerheidsgebiede en dit is vandag nog nie vreemd om arbeiders van Kagiso en Munsieville te sien stap na die nywerheidsgebiede waar hulle werk nie.[121] Die ligging van die nywerheidsgebiede naby goedkoop ongeskoolde arbeid, die beskikbaarheid van nywerheidserwe en relatief lae koste waarteen water en elektrisiteit voorsien word, is deur die burgemeester in 1961 as die belangrikste faktore

118 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr I2, *Industries*, sd.

119 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Jaarverslag van die edelagbare burgemeester vir die jaar geëindig 31 Oktober 1959*, par.13.

120 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, S.P. Naude, *Verslag oor die sosio-ekonomiese omstandighede van die Bantoe bevolking van Krugersdorp 1968/69* (ongep. verslag, Krugersdorp Stadsraad, 1969), sd., p.60.

121 Chamdor is aangrensend aan Kagiso en Factoria is nie ver daarvandaan geleë nie. Beide Boltonia en Delporton is binne enkele kilometers vanaf Munsieville aangelê.

gesien wat Krugersdorp 'n gesogste nywerheidsentrum aan die Wesrand maak.[122]

Die ontwikkeling van Chamdor as nywerheidsgebied is in 1963 voltooi,[123] alhoewel die spoornetwerk eers in 1964 voltooi is.[124] Die spoornetwerk is amptelik deur die Minister van Vervoer, Ben Schoeman, geopen.[125] Erwe is teen R1 350 per akker[126] verkoop, en teen R2 800 per akker as dit deur 'n spoorlyn bedien word. Die eerste groot nywerhede wat in Chamdor gevestig het, is die firma Hollard Place Industries, 'n chemiese maatskappy, en Bessemer Staalkonstruksie. Laasgenoemde firma het 'n fabriek wat oor ses akker strek teen R100000 in Chamdor opgerig. Uitstekende koopvoorwaardes het verseker dat Chamdor tot een van die grootste nywerheidsgebiede aan die Wesrand ontwikkel het. Die koopsom van die eerste nywerheidspersele wat in 1964 uitgegee is, was oor 'n periode van 5,5 jaar aan die Stadsraad betaalbaar. Die Stadsraad het ook langtermynlenings (20 jaar) teen 6,5% rente vir die voorsiening van spoorwegfasiliteite aan voornemende kopers beskikbaar gestel.[127]

Die bestendige nywerheidsontwikkeling van Krugersdorp wat in die sestigerjare ondervind is, was nie net tot Chamdor beperk nie. Negentien nuwe fabrieke het hulle in 1963 in Factoria gevestig, terwyl verskeie gevestigde fabrieke in hierdie tyd uitgebrei het.[128] Fenomenale groei het in Boltonia voorgekom. Negentien ligte nywerhede het hulle in die tydperk 1963 tot 1966 in hierdie nywerheidsgebied gevestig.[129] Die ontwikkeling in

---

122 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geëindig 15 Maart 1961*, p.7(a).

123 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geëindig 11 Maart 1963*, p.9.

124 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geëindig 8 Maart 1965*, p.7.

125 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *West Rand Times*, 3 Apr. 1964.

126 *Kearland's metrieke omsettingstabelle*, een akker is gelyk aan 0.404686 hektaar, tabel 17.

127 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geëindig 9 Maart 1964*, pp.6,7.

128 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geëindig 11 Maart 1963*, p.9. Kyk ook *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geëindig 8 Maart 1965*, p.8.

129 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geëindig 11 Maart 1963*, p.9; *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geëindig 10 Maart 1966*, p.11.

Delporton was meer gestadig. Slegs twee erwe is in hierdie tyd in Delporton vir die vestiging van chemiese nywerhede met 'n onaangename reuk, verkoop.[130]

Die fenomenale nywerheidsontwikkeling van Krugersdorp in die sestiger- en sewentigerjare staan in die teken van die gesonder nywerheidsontwikkeling wat Suid-Afrika in hierdie tyd ondervind het. Krugersdorp was in een stadium in 1967 feitlik die enigste dorp wat nog nywerheidsgrond beskikbaar gehad het. In hierdie jaar het die Stadsraad in Chamdor alleen 55 erwe teenoor die dertien van die vorige jaar, verkoop.[131] Oorsese nyweraars het ook in 'n toenemende mate in Krugersdorp as nywerheidsentrum begin belangstel en teen 1972 het Krugersdorp in die behoeftes van 'n wye verskeidenheid sekondêre nywerhede voorsien.[132]

### 6.3.2 NYWERHEIDSOPLEIDING AAN ONGESKOOLDE WERKERS

Die vestiging van die Chamdor Nywerheidsopleidingsentrum in die sewentigerjare lewer 'n belangrike diens aan nyweraars landswyd. Dit is gevestig in samewerking met die Vereniging vir Bedryfstoerusting met die doel om die tegniese vaardigheid en kennis van veral Swartwerknemers in die nywerheid te verhoog, produktiwiteit te verbeter en 'n beter inkomste aan Swartwerknemers te verseker. Die sentrum beskik oor sewe tegniese werkswinkels, sewe klaskamers, 'n toegeruste biblioteek, kafeteria en ontspanningsgeriewe. Die residensie bestaan uit sewe wooneenhede wat elk 22 studente kan huisves.

Verskeie groot nywerhede maak jaarliks finansiële bydraes vir die instandhouding van die Chamdor Opleidingsentrum. In 1978 het OTIS byvoorbeeld R250000 aan die sentrum oor 'n periode van vyf jaar geskenk vir die opleiding van hyser-diensoperateurs. Die eerste groep Swart rekenaar-tegnici, om die ingewikkelde elektroniese baanstelsels van rekenaars te

---

130 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geëindig 8 Maart 1965,* p.8; *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geëindig 10 Maart 1966,* p.11.

131 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die edelagbare burgemeester vir die tydperk geëindig 9 Maart 1967,* p.21.

132 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag 1971-1972, p.10.*

ondersoek en foute met delikate tegnieke op te spoor en te herstel, het in 1978 gekwalifiseer. Meer as 20 tegniese kursusse word jaarliks aan werknemers by die Chamdor Opleidingsentrum aangebied.[133] Die Chamdor Opleidingsentrum word as 'n deurbraak in die Suid-Afrikaanse nywerheidswese beskou. Die totstandkoming daarvan in 'n tydperk toe "apartheid" hoogty gevier het en die munisipale arbeidsburo plaaslike nyweraars aanbeveel het om eerder te meganiseer as om meer Swartarbeiders in diens te neem, is 'n deurbraak in nywerheidsopleiding in Suid-Afrika.[134]

Behalwe die Chamdor Nywerheidsopleidingsentrum beskik Krugersdorp ook oor 'n Bestuurskool vir swaar- en ekstraswaar voertuigbestuurders. Die Chamdor Bestuurskool het landwyd bekendheid verwerf vir die standaard van sy opleiding en die vaardigheid van voertuigbestuurders. Die Bestuurskool voorsien in 'n noodsaaklike behoefte van die nywerheid omdat baie nywerhede afhanklik is van padvervoer vir die verspreiding van hulle produkte.[135]

### 6.3.3 WERKSGELEENTHEDE

Die burgemeester se opmerking in 1972 dat die ontwikkeling van die nywerheidsgebiede en die vestiging van sekondêre nywerhede in Krugersdorp werksgeleenthede aan duisende Blankes skep, bevestig dat die Stadsraad daarin geslaag het om die verwagte uitvloei van arbeid en koopkrag wat met die sluiting van die goudmyne voorsien is, effektief beheer het om 'n bestendige ekonomie vir die dorp te verseker.[136]

Die lewens- en werkomstandighede van die werkersklas aan die Witwatersrand word breedvoerig deur Callinicos bespreek in *A people's history of South Africa.*[137] In die nywerheid word onderskeid gemaak tussen

---

133 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer C4, *Chamdor Training Centre*, sd.

134 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, S.P. Naude, *Verslag oor die sosio-ekonomiese omstandighede*..., p.62.

135 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer C4, *Chamdor*, sd.

136 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslag*, 1971-1972, p.10.

137 L. Callinicos, *Gold and workers*...; *Working life* 1886-1940: *A people's history of South Africa*; Vol 2 en *A place in the City. The Rand on the eve of apartheid: A people's history of South Arica*, Vol 3.

geskoolde werk, wat uitsluitlik deur Blankes verrig is, en ongeskoolde werk, wat hoofsaaklik deur Swartmense verrig word. Die Blanke werker was in 'n bevoorregte posisie en met bedingingsmag vir beter salarisse en diensvoorwaardes beklee. Die Nie-Blanke werker is hoofsaaklik van vakunies afhanklik vir die bedinging van salarisse en beter diensvoorwaardes en werksomstandighede. Daar is selde van die Blanke ongeskoolde werker verwag om in dieselfde mate as sy Swart of Bruinkollega harde fisiese werk te verrig, omdat hy as toesighouer oor hulle aangestel is.[138]

Nasionale wetgewing en beheer oor die getal Nie-Blankes wat na die Witwatersrand gekom het om 'n heenkome in die stad te soek, het vereis dat alle Swartwerkers in besit van 'n werkpermit moes wees.[139] Werkpermitte is deur arbeidsbeamptes van die Departement Nie-Blankesake van die munisipaliteit uitgereik. Woonpermitte is slegs aan houers van geldige werkpermitte uitgereik. Die meerderheid van die inwoners van Munisieville, Kagiso en die woongebied vir Bruinmense het aan die woningvereistes van die Naturelle Stadsgebiedewet voldoen. Persone wat nie in besit van 'n geldige werkpermit was nie, is na die "tuislande" teruggestuur. Die Arbeidsburo van die Departement Nie-Blankesake van die munisipaliteit het 44 werkers in 1968 van werkloosheid aangekla en hulle na 'n werkkolonie gestuur om te "rehabiliteer".[140]

Die nywerhede in Krugersdorp het volgens Naude in 1968 oor meer as genoeg werksgeleenthede vir sy gevestigde Swartarbeidsmag beskik. Niemand het volgens hom nodig gehad om werkloos te wees nie, maar die werkers het maklik van werkgewer verander wanneer hulle ontevrede of ongelukkig in die werksituasie was. Die wisseling van werkers het druk op die arbeidsburo geplaas, omdat nuwe werkpermitte telkens uitgereik moes word. As gevestigde inwoners van Munsieville en Kagiso was dit nie moontlik om die "werkloses" na die tuislande terug te stuur nie. Van die

138 L. Callinicos, *A place in the City...*, p.124.

139 Verwys na die Naturelle Stadsgebiedewet van 1923 soos gewysig deur die Naturelle Stadsgebiede Konsolidasiewet van 1945. Misdade wat verband hou met oortredings van die "paswette" word in hoofstuk elf bespreek.

140 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, S.P. Naude, *Verslag oor die sosio-ekonomiese omstandighede...*, p.62.

13500 mans en 4200 vroue wat in 1968 by die arbeidsburo in Krugersdorp as loonarbeiders geregistreer is, was slegs 700 nie gevestigde inwoners van Krugersdorp nie. Volgens Naude is tussen 700 en 900 werkers dié jaar "ingevoer" om werk te verrig wat nie deur die plaaslike gemeenskap opgeneem is nie.[141]

Die betrokkenheid van Bruin- en Swartmense is beperk tot ongeskoolde arbeid en verbruiker van lewensmiddele. Professionele dienste en geskoolde arbeid is vir die Blanke gereserveer. Die belange van die Blanke werker is deur die Regering se beleid vir "beskaafde arbeid" beskerm. Die beweging en betrokkenheid van die Bruin- en Swartmense in die ekonomie is deur middel van wetgewing aan bande gelê.[142]

Die verstedeliking van die Suid-Afrikaanse bevolking is een van die gevolge van die ontwikkeling van sekondêre nywerhede. Die stedelike Swartmense word in twee groepe onderskei, naamlik diegene wat in 'n stedelike omgewing gebore en gevestig is, en nuwe aankomelinge uit die platteland. Die ekonomiese basis tussen die twee groepe verskil omdat die lewensstandaard van stedelike Swartmense vinniger groei as dié van landelike Swartmense.[143] Die Regering het die instroming van Nie-Blankes na die industriële sentras deur middel van wetgewing beheer. Instromingsbeheermaatreëls het vereis dat die Nie-Blanke-arbeiders by 'n plaaslike arbeidsburo geregistreer moes word. Volgens Naude se verslag oor die sosio-ekonomiese omstandighede van Swartmense in Krugersdorp, 1968-1969, was 13 500 mans en 4 200 vroue in 1968 by die Munisipale Arbeidsburo geregistreer. Hiervan is ongeveer 700 tot 900 werknemers "ingevoer" om die werk op te neem wat nie deur die plaaslike arbeidsmag opgeneem is nie. Volgens Naude het slegs 72.73% van Krugersdorp se Swartwerkers in hierdie stadium loonarbeid verrig. Van die oorblywende

---

141 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, S.P. Naude, *Verslag oor die sosio-ekonomiese omstandighede...*, pp.60-63.

142 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Summary of report on the Commission for the socio-economic development of the Bantu areas within the Union of South Africa*, UG. 61/1955. Par.17/7.

143 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Report on Native economic commission*, 1930-1932, UG.22/1932, pp.77-80.

27.27% het 6.45% nie gewerk nie as gevolg van ouderdom of 'n liggaamsgebrek; 8.94% was voltydse studente en 4.25% voorskoolse kinders. Slegs 7.63% van die Swartinwoners was *bona fide* werkloses.[144]

Swartloonarbeiders van Krugersdorp het gemiddeld R30-00 per maand in 1953 verdien en tussen R39-00 en R46-00 in 1968. Die inkomste was bereken volgens die formule gepubliseer in Goewermentskennisgewing R.721 van 3 Mei 1968. Dit het die totale inkomste van die arbeider verteenwoordig, hetsy kontant of goedere wat die werknemer ontvang of toegeval het. Die maandelikse uitgawe per gesin in 1968 was tussen R25-80 en R27-94 per maand. Dit het voedsel, brandstof vir voedselbereiding, drank en klere ingesluit.[145]

Die loon wat die Stadsraad van Krugersdorp aan sy Swartarbeiders betaal het, het nie van die sosio-ekonomiese norme van die tyd verskil nie. 'n Arbeider wat 15 sjielings per week in 1938 verdien het, se loon het met slegs 4.28% per jaar oor 'n periode van tien jaar gestyg.[146] Die Departement Nie-Blankesake het in 1964 'n "Ambitious Boys Club" gestig met die doel om Swartseuns tussen die ouderdom veertien en sewentien jaar te leer om produktief en selfversorgend te wees. Werk is aan die seuns verskaf teen 20c per dag. Die arbeid van die seuns is "uitverhuur" vir tuinwerk en allerlei "ligte werkies om die huis". Deur middel van arbeid het die Departement gehoop dat die seuns soveel energie sou verbruik dat hulle nie energie oor sou hê vir kwaaddoen nie.[147]

Die Tweede Wêreldoorlog het nie net die ontwikkeling van nywerhede in Suid-Afrika gestimuleer nie, maar ook tot die stigting van 'n verskeidenheid vakunies aanleiding gegee. Georganiseerde arbeidsverset en stakings het van tyd tot tyd voorgekom, maar geeneen het 'n ernstige invloed op die nywerheidsontwikkeling in Krugersdorp gehad nie. Alhoewel die vakunies 'n

---

144 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, S.P. Naude, *Die sosio-ekonomiese omstandighede...*, pp.60-62.

145 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, S.P. Naude, *Die sosio-ekonomiese omstandighede...*, pp.65-68.

146 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Budget Speech, H. Pannall*, 6 Jul. 1948, p.5.

147 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *West Rand Times*, 21 Aug. 1964.

belangrike rol gespeel het op politieke vlak, het die vakbonde met betrekking tot die verbruikersboikot van die tagtigerjare 'n lae profiel gehandhaaf. As werknemers was hulle in 'n moeilike posisie, want hulle kon geen produkte in Krugersdorp koop nie, al was die boikot nie teen die nywerheid gerig nie, maar teen die handel en lewering van kommersiële dienste.[148]

Krugersdorp voorsien in al die arbiedsbehoeftes van die plaaslike nywerhede. Die persentasie werknemers per industriële sektor word in die onderstaande tabel weergegee:[149]

| **WERKVERSKAFFING : KRUGERSDORP 1991** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Sektor** | **Blankes %** | **Bruinmense %** | **Indiërs %** | **Swartmense %** | **Totaal %** |
| Handel | 7.76 | 2.47 | 13.28 | 2.73 | 6.21 |
| Vervoer | 5.4 | 0.62 | 0 | 1.17 | 4.07 |
| Finansieel | 6.89 | 1.08 | 0.78 | 1.79 | 5.29 |
| Mynbou | 2.23 | 1.54 | 1.02 | 17.15 | 6.72 |
| NEC Aktiwiteite | 4.18 | 5.24 | 2.34 | 6.66 | 4.93 |
| Elektrisiteit | 0.54 | 0 | 0 | 0.12 | 0.41 |
| Gemeenskap & sosiale dienste | 11.39 | 43.3 | 11.72 | 28.1 | 16.69 |
| Vervaardiging | 6.61 | 3.39 | 1.56 | 2.84 | 5.44 |
| Konstruksie | 2.16 | 4.31 | 0 | 4.06 | 2.74 |
| Nie ekonomies aktief | 52.16 | 36.21 | 60.16 | 34.23 | 46.96 |
| Landbou | 0.24 | 1.85 | 0 | 1.15 | 0.53 |

**Figuur 43**

Die grootste werkverskaffer is die sektor vir die gemeenskaps- en sosiale dienste, naamlik 16.69%. Die arbeidsverdeling in die ander sektore is relatief eweredig versprei. Slegs 'n klein persentasie is by elektrisiteitsvoorsiening en die landbou betrokke, terwyl die konstruksiebedryf ook 'n lae 2.74% verteenwoordig. Die persentasie ekonomies onaktiewe persone, 46.96%, is kommerwekkend hoog.

Krugersdorp is die enigste dorp in die gebied van die Wesrand Diensteraad wat 'n gebalanseerde ekonomie het.[150] Krugersdorp is selfs in 1978 as een van die rykste dorpe aan die Witwatersrand beskryf.[151] Die rol wat landbou, mynbou en die industrieë in die ekonomiese ontwikkeling van die dorp

---


148 C. Kruger, Onderhoud, 6 Febr. 1998.

149 Stadsraad, Krugersdorp *Urban structure plan for the Greater Krugersdorp,* Vol. 1, Jul. 1996, p.78. Die statistiek in die dokument is gebaseer op die 1991 bevolkingsensus.

150 Stadsraad, Krugersdorp, *Situational analysis for the Krugersdorp Transitional Local Council,* Jan. 1996, p.16.

151 INEG, Bloemfontein, koerantknipsel nr. 2166, *The Star*, 4 Nov. 1978.

gespeel het, is in die voorafgaande bespreking uitgelig. 'n Toename in handels- en dienste-aktiwiteite word sedert 1993 in die ekonomiese ontwikkeling van die dorp waargeneem. Ten spyte van die bestendige ekonomiese groei wat Krugersdorp, sedert sy stigting ondervind het, is 57% van die inwoners in 1993 werkloos. Die werkloosheidsyfer in sekere woongebiede is aansienlik hoër, byvoorbeeld Lusaka waar die werkloosheidsindeks so hoog as 96% is.[152] Die 1991 Sensusopname [153] toon die werkloosheidsyfer vir Krugersdorp aan as:




**Figuur 44**

Werkloosheid het, volgens die SA Instituut vir rasseverhoudinge, rasseverskille as die hooffaktor in maatskaplike ongelykheid vervang. Nie al die persone wat hulle as werkloos beskou, ly noodwendig broodsgebrek nie. Baie werklose persone steun op werkende familielede vir hulle lewensonderhoud. Ongeveer 20% van die werkloses in Suid-Afrika verdien op 'n *ad hoc* basis 'n inkomste in die informele sektor van die ekonomie. Die bydrae wat die informele handel tot die ekonomie van Suid-Afrika maak,

152 Stadsraad, Krugersdorp, *Situational analysis for the Krugersdorp Transitional Local Council,* Jan 1996, p.24. Die nie-amptelike werkloosheidsyfer in 1998 word deur die Krugersdorp Besigheidskamer op 100 000 persone gestel. C. Kruger, Onderhoud, Febr. 1998.

153 Republiek van Suid-Afrika (RSA), Sentrale Statistiekdiens, *Bevolkingsensus 1991, uitgesoekte statistiese streek Wesrand,* Verslag no.03-01-18 (1991).

word dikwels onderskat. Die oplossing van die werkloosheidsprobleem in Suid-Afrika is geleë in die bevordering van selfindiensneming en die informele handel. Baie werkloses het ongelukkig nie die kapitaal om 'n tuisbedryf van die grond te kry nie. Die informele handel word verder gekortwiek deur 'n gebrek aan vaardigheid, 'n ooraanbod van dieselfde tipe handelsprodukte en in baie gevalle, 'n gebrek aan waarde vir geldprodukte.[154]

Werksgeleenthede in die gevestigde ekonomie is min. In die lig van die algemene ekonomiese toestand van die land bestaan die neiging in die algemene ekonomiese handel en nywerheid om die werksmag te verminder. Hierdie vermindering word in 'n mate in toom gehou deur die vakunies. Die gevolg is dat geleentheid om werkloses in die arbeidsmag te absorbeer, daardeur verskraal word. Werkloses aan die anderkant is onwillig om hulle inkomsteverwagting te verlaag. Die loon wat hulle verwag, is ver bo die gemiddelde loon wat aan huis- en plaaswerkers betaal word.[155]

Krugersdorp ondervind sedert die opheffing van die instromingsbeheer in 1986 'n skerp groei in bevolkingsgetalle, veral in die Swartgemeenskap. Tesame met die ekonomiese resessie wat saamhang met die politieke verandering in 1993, word Krugersdorp gekonfronteer met 'n groeiende werkloosheidsyfer, wat 'n groot impak op die dorp se ekonomie het. Werkskepping word daarom as die grootste uitdaging gesien waarmee die Krugersdorp Plaaslike Oorgangsraad vandag gekonfronteer word. Die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap is die gesamentlike verantwoordelikheid van die Plaaslike Owerheid, die sakegemeenskap en die publiek van Krugersdorp.[156] Verskeie projekte is sedert 1993 deur die Stadsraad en die Krugersdorp Chamber of Commerce and Industries van stapel laat loop om die werkloosheidsprobleem aan te spreek. Die gevestigde nywerheidsektor se vermoë om werkloses te absorbeer het sedert 1990 tot onder 8% gedaal. Die enigste manier om die werkloosheidsprobleem aan te

---

154 L. Schlemmer & C. Lavitz, *Unemployment in South Africa. The facts, the prospects and an exploration of solutions*, p.1-10,14,18.

155 L. Schlemmer & C. Lavitz, *Unemployment in South Africa....*, pp.6,33.

156 C. Kruger, Onderhoud, 4 Febr 1998. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *KLC Times*, Vol.29, Junie 1998, p.1.

spreek is geleë in innoverende werkskeppingsgeleenthede. 'n Meer vaardigheidsgeoriënteerde opleiding is ook nodig. Geletterdheidsopleiding aan volwassenes moet uitgebrei word sodat leerders ook bepaalde vaardighede wat aan entrepreneurskap gekoppel is, kan aanleer.[157]

Verskeie redes kan vir die armoede-probleem in Suid-Afrika, en Krugersdorp, aangevoer word.[158] Armoede as 'n nalatenskap van die Runderpes (1896), plaasverlating en die Suid-Afrikaanse Oorlog het die ekonomie van Krugersdorp reeds vroeg na die eeuwisseling beïnvloed. Die Stadsraad van Krugersdorp het by verskeie geleenthede 'n helpende hand na armblankes uitgesteek, deur Blankes vir onderstandswerk in diens te neem. Voorkeur is aan werklose mans met afhanklikes gegee om die onderstandswerk te verrig.[159]

Die Armblanke-vraagstuk het in die laat twintiger- en vroeë dertigerjare tydens die depressie 'n hoogtepunt in Suid-Afrika bereik. Die verarming en agteruitgang van 'n deel van Suid-Afrika se Blanke bevolking het in die dertigerjare pertinent onder die aandag van die Regering gekom as gevolg van die uitgebreide ondersoek en verslag van die Carnegie-Kommissie in 1932. Die verslag onderskei tussen die armblankes wat nog op een of ander wyse 'n landelike bestaan voer, byvoorbeeld bywoners op plase, en diegene wat die landelike omgewing verlaat het en mettertyd "dorpsarmes" geword het.[160] Die hantering van die armblankevraagstuk deur die Krugersdorp Stadsraad word in verskillende hoofstukke bespreek. Behuising vir armblankes is sedert die dertigerjare by verskeie geleenthede ontwikkel. Die vestiging van 'n dienssentrum in Burgershoop kan as 'n verdere diens van die Stadsraad beskou word in die verligting van die maatskaplike nood van die armes in die dorp.

---

157 KCCI, Krugersdorp, *Report Diversifying the economic base of Western Gauteng...*, Jun 1996, p.6.

158 Kyk Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die Carnegie-kommissie: Die Armoede-vraagstuk in Suid-Afrika, Deel I-V*, 1932. Kyk ook E.L.P. Stals, *Afrikaners in die Goudstad.*

159 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1914*, pp.15,16.

160 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die Carnegie-Kommissie: Die Armblanke vraagstuk*, Vol. 2, p.6.

Die Reddingsdaadbond is gebore uit die besef dat die Afrikaner op ekonomiese gebied 'n agterstand het. Die meerderheid van die armblankes was ten tye van die stigting van die Reddingsdaadbond, Afrikaners.[161] Die Reddingsdaadbond was nie 'n liefdadigheidsorganisasie wat deur middel van aalmoese hulp aan behoeftiges verleen nie. Dit was veel eerder 'n ekonomiese instelling wat daarna gestrewe het om die Afrikaner te mobiliseer tot "besitter, eienaar en ondernemer" op ekonomiese gebied. Die doelstellings van die Reddingsdaadbond was onder andere om:

- Die kapitaalkrag waaroor die Afrikaner beskik te belê in eie ekonomiese ondernemings
- Die Afrikaner te leer om te spaar.
- Die koopkrag van die Afrikaner oordeelkundig in eie belang en ekonomiese selfstandigmaking aan te wend.
- Die arbeidskrag van die Afrikaner behoorlik te versorg.
- Die vrye tyd van die Afrikaner in verskillende vorme van vermaak en ontspanning te organiseer tot ekonomiese voordeel van almal.
- Die Afrikaner van voorligting en raad op ekonomiese gebied te bedien.
- Die rol van die boeregemeenskap en die vrou in pas te bring in die Afrikaner se ekonomiese stryd.[162]

Die Paardekraal-tak van die Reddingsdaadbond het in 1947 ten tye van die mynstaking hulp aan die stakersgesinne verleen. Die tak het die mynstaking gesteun en die optrede van die mynbesture gekritiseer. Die prokureursfirma Lotz en De Kock het namens die Reddingsdaadbond gratis sake van stakende mynwerkers, byvoorbeeld agterstallige huishuur, behartig.[163] Die stakersgesinne is ook finansieël deur die Krugersdorp-tak van die

---

161 Die Reddingsdaadbond het sy ontstaan te danke aan 'n oproep van dr. J.D. Kestell tydens die Simboliese Ossewatrek in 1938. Hierdie oproep het tot die stigting van die Reddingsdaadbond tydens 'n groot ekonomiese kongres in 1939 gelei. INEG, Bloemfontein, PV202, Reddingsdaadbond, verw. IV/2/7/1/K26/1, *Die Reddingsdaadbond. Sy doel en werksaamhede in belang van ons Volk se ekonomiese stryd,* 10 Apr. 1945.

162 INEG, Bloemfontein, PV202, Reddingsdaadbond, verw. IV/2/7/1/K26/1, *Die Reddingsdaadbond. Sy doel en werksaamhede in belang van ons Volk se ekonomiese stryd,* 10 Apr. 1945.

163 INEG, Bloemfontein, PV202, Reddingsdaadbond, verw. 1/6/3/4/1, *Bestuursvergadering,* 28 Febr. 1947 en 2 Apr. 1947.

Reddingsdaadbond ondersteun. Die tak het £3000 (drieduisend pond) ingesamel om aan die stakende mynwerkers in Krugersdorp uit te betaal.[164]

Die ekonomiese nood van die Afrikaner in die stede was hoog. Die verkiesing van die Nasionale Party tot die Regering in 1948, is deur sommige mense as 'n uitkoms gesien. 'n Kieser van Krugersdorp, P.J. Botha, skryf in 1949 aan die pasverkose parlementslid, Jan de Klerk, dat hy vir 24 jaar met graaf en pik sy brood moes verdien en dat hy hoop die nuwe regering aan hom werk sal voorsien waar hy 'n trekker of 'n "lorrie" kan "dryf". Alhoewel die brief van Botha deurspek is van rassistiese opmerkings oor "kafferwerk" wat hy gedoen het, verwys hy ook na die degraderende omstandighede waaronder die armblanke moes werk.[165] Die agterlikheid en ekonomiese nood van die bywoners op die plase word in die Carnegie-verslag oor die Armblankevraagstuk breedvoerig bespreek.[166] As deel van die rehabilitasieprogram om arm mense op die plase weer op die been te help, het die Regering 'n stelsel ingevoer om armblankes in die sorg van boere te plaas. Die plaaseienaar het £200 (tweehonderd pond) van die Regering ontvang om die bywoner by te staan.[167] Verskeie plaaseienaars in die Krugersdorpdistrik het aan hierdie stelsel deelgeneem. Jochem van Bruggen, eienaar van die plaas Blaauwkoppies 101, het in 1934 aansoek by die Regering gedoen vir finansiële hulp om vir sy bywoner, B.C. Spies, 'n nuwe huis te bou.[168] Die aansoek van W.F. Venter van die plaas Honingklip is daarteenoor deur die Regering geweier omdat die eienaar finansieël in die posisie was om sonder staatshulp hulp aan bywoner C. Lee te verskaf.[169]

---

164 INEG, Bloemfontein, PV202, Reddingsdaadbond, verw. IV/2/7/1/K26/1, *Omsendbrief 2/47*, 1 Mrt. 1947.

165 INEG, Bloemfontein, PV2, Nasionale Party, verw. I153, Brief P.J. Botha-Jan de Klerk, 18 Mrt. 1949.

166 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die Carnegie-kommissie...*, Deel 2, pp.15-36.

167 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Verslag van die Carnegie-kommissie...*, Deel 2, p.168.

168 TAB, Pretoria, VWR, band 98, verw. B645/22, *Aanvraag van plaaseienaar om toelae vir boumateriaal,* Des. 1934.

169 TAB, Pretoria, VWR, band 98, verw. B645/188/30, *Aanvraag van plaaseienaar om toelae van boumateriaal,* 7 Jan 1935.

Finansiële steun aan Nie-Blanke gemeenskappe was beperk. Die dimensie van armoede in hierdie gemeenskappe is baie meer intens as in die Blanke gemeenskappe. Die versorging van Nie-Blanke armes het berus op die algemene persepsie van werkgewers dat die Nie-Blankes met veel minder lewensmiddele as die Blanke kon klaarkom omdat hierdie mense gewoond is om onder die broodlyn te lewe.[170] Die getalle oorwig van die Nie-Blankes in Suid-Afrika en die kultureel-ekonomiese meerderwaardigheid van die Blanke minderheid het die verhouding tussen Blankes en Nie-Blankes beïnvloed. Daarby was die Nie-Blankes nog in 'n oorgangsfase waarin hulle vanaf "barbarisme" na "beskawing" moes ontwikkel. Die persepsie is versterk deur die aanname dat die meerderheid Nie-Blankes nog te ver aan die "verkeerde kant" van die beskawingskeidslyn is om vir die Blanke aanvaarbaar te wees. Om vir die Blanke aanvaarbaar te wees, moes die Nie-Blankes eers kultureel-ekonomies opgehef word. Die ontwikkeling van die Nie-Blankes is as 'n groot ekonomiese las vir die Blanke minderheid gesien. Die tempo waarteen die ontwikkeling plaasgevind het, is daarom deur die Blankes beheer.[171]

### 6.3.4 EKONOMIESE BYDRAE VAN NYWERHEDE


Krugersdorp speel op nywerheidsgebied 'n belangrike rol in die ekonomie van die Wesrand. Die ekonomiese basis van die Wesrand het in 1990 nog met 65% in die mynbou gesetel. Sekondêre nywerhede vorm die ruggraat van die streek se ekonomie sedert die afname in mynbouaktiwiteite as gevolg van die lae goudprys. Krugersdorp se betrokkenheid in hierdie verband is 72% teenoor die 24% van Randfontein en die 4% van Oberholzer. Westonaria huisves minder as 1% van die streek se nywerhede. Die diversivering van nywerhede in die streek is nodig om groei te stimuleer.[172]

---

170 Stadsraad, Krugersdorp, *Situational analysis for the Krugersdorp Transitional Local Council,* Jan. 1996, p.2. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Report of the Native economic commission,* 1930-1932, UG.22/1932, pp.77-80.

171 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Summary of the report on the Commission for the socio-economic development of the Bantu areas within the Union of South Africa,* UG.61/1955, par.9/76.

172 KCCI, Krugersdorp, *Report Diversifying of the economic base of Western Gauteng...*, Jun. 1996, p.4.




**Figuur 45**

Krugersdorp is die enigste dorp aan die Wesrand met 'n relatief gebalanseerde ekonomie wat op die vervaardigingsbedryf steun. Die ander dorpe in die streek steun nog grootliks op die mynbou as basis vir hulle ekonomie. Die vervaardigingsbedryf het in Krugersdorp in die onlangse jare 'n afwaartse neiging getoon, terwyl die kleinhandel en dienslewering sektore dramaties teenoor die vervaardigingsbedryf gegroei het. Die politieke verandering in 1993 en die groter fokus om die Sentrale Besigheidsdistrik (SBD) vir die laerinkomstegroepe meer toeganklik te maak, het as stimilus vir die groei van handelsondernemings gelei.[173]

## 6.4. HANDELSONDERNEMINGS EN ENTREPRENEURS

Die ontwikkeling van die Sentrale Besigheidsdistrik (SBD) as besigheidsnode in Krugersdorp het parallel met die ontwikkeling van mynbou en die industriële gebied plaasgevind. Vir ekonomiese ontwikkeling het die myne en industrieë behalwe arbeid en masjiniere ook 'n infrastruktuur met telekommunikasie, banke en leweransiers van verbruiksgoedere nodig gehad.

173 Stadsraad, Krugersdorp, *Situational Analysis for the Krugersdorp Transitional Local Council,* Jan.1996, pp.15,16.

### 6.4.1 GEORGANISEERDE BLANKE HANDEL

Handelaars, smouse en entrepeneurs het hulle saam met die eerste delwers in Krugersdorp gevestig. Die meerderheid van hierdie besigheidsmanne was van Joodse of Britse afkoms met jarelange handelsondervinding. Hulle was invloedryke figure wat nie net op handelsgebied aansien gehad het nie, maar ook as Dorpraadslede 'n belangrike aandeel in die bestuur van die dorp gehad het. Vier handelaars en vier professionele persone het op die eerste Munisipale Raad gedien. In die periode 1903 tot 1910 het die Burgemeesters en die Onderburgemeesters uit hierdie geledere diens gedoen. Die voorsitter van die Krugersdorp Besigheidskamer, H.C.Tanner, het sedert 1903 tot 1923 op die Munisipale Raad gedien. Hy was burgemeester in 1904-5 en 1911-12, en voorsitter van die Finansiekomitee in 1903-4, 1908-9 en 1910-1915.[174]

Die invloedryke handelaars het vroeg reeds besef dat hulle meer gesag in 'n georganiseerde besigheidskamer sou kon uitoefen as wanneer hulle as individue sou optree. Die Krugersdorp Chamber of Commerce (KCC) is reeds voor die aanvang van die Suid-Afrikaanse Oorlog gestig met J. Seehof as die eerste president.[175] Seehof was die eienaar van Seehoff's *Magaliesberg Tabak* (foto no.54) wat in Humanstraat geleë was.

'n Buitengewone Algemene Vergadering van die besigheidskamer is in September 1902 gehou. Op hierdie vergadering is die nagevolge van die oorlog en die beperkinge wat krygswet op die handel geplaas het, bespreek. Probleme met die invoer van produkte is met die owerhede opgeneem. Die besigheidskamer het hom op dieselfde vergadering ten gunste van 'n telefoondiens vir Krugersdorp uitgespreek, omdat direkte skakeling met die spoorwegstasie die ontvangs en aflewering van goedere sou bespoedig.[176] Die invloed van die Blanke besigheidselite op die maatskaplike lewe in Krugersdorp het oor 'n wye terrein gestrek. Hulle was in beheer van die plaaslike koerant, die skoolraad en sport- en ander klubs. Die besigheidselite

---

174 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Burgemeestersverslae 1903-1917.*

175 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Chamber of Commerce,* sd.

176 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp Standard,* 10 Sept. 1902.

het in 'n groot mate bepaal wat in Krugersdorp plaasgevind het gedurende die eerste dekades van die dorp se bestaan.[177]

Die KCC het in 1903 twee-en-twintig lede gehad en sedertdien van krag tot krag gegroei. Die KCC het in 1954 'n rekord 116 lede gehad. Die besigheidskamer het sedert sy stigting aandag aan verskeie aspekte in belang van die ontwikkeling van Krugersdorp gegee. Die verbetering van die goederediens en passasiersgeriewe is by verskeie geleenthede met die spoorwegmaatskappy bespreek. Die invoer van Sjinese as mynarbeiders is as 'n bedreiging vir die plaaslike handel gesien omdat die Sjinese nie toegelaat is om in die dorp handelsgoedere te koop nie, maar beperk was tot die mynkamponge.[178] Sjinese wat hulle as "vrymense" in Krugersdorp gevestig het, was beperk tot handel in die lokasies waar hulle "Kaffir Eating Houses" en washuise bedryf het.[179]

Die besigheidskamer het ook kommer uitgespreek oor die toenemende aantal Indiërs wat hulle as handelaars in Krugersdorp kom vestig het. 'n Beroep is op die owerhede gedoen om die handel van die Indiërs tot die lokasies te beperk en dat geen standplase in die Sentrale Besigheidsdistrik (SBD) aan hulle toegeken moes word nie. Persone wat sakepersele binne die sogenaamde Blanke gebiede verhuur het, was daarvoor verkwalik op grond van "onregverdige mededinging". Daar is ook van die Blanke gemeenskap verwag om slegs by Blanke-sakemanne besigheid te doen.[180] As gevolg hiervan is Indiër-sakemanne vir baie jare beperk tot Burgershoop en Wes-Krugersdorp wat aan die Indiërwoonbuurt gegrens het. Die vermoë van die Indiër om in die ekonomiese behoeftes van die armer gemeenskappe te voorsien, het 'n bepalende invloed gehad op die ligging en ontwikkeling van

---

177 C. Dugmore, *Blurred demarcations of authority and power: The conflict between Indian and white shopkeepers in Krugersdorp, 1887-1923: Towards a pragmatic conceptualisation of democracy and local government* (paper, History Workshop, University of the Witwatersrand, 13-15 Jul.1994), p.1,2.

178 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr E5, *Chamber of Commerce*, sd.

179 Kyk M. Yap & D.L. Man, *Colour, confusion and concession...*, p.230.

180 C. Dugmore, *Blurred demarcations of authority and power...*, pp.7,8.

die Indiërwoongebied tussen die lokasie vir Swartmense en Burgershoop, die woongebied wat in 1896 ontwikkel is as huisvesting vir armblankes.[181]

### 6.4.2 BESIGHEIDSREGTE AAN INDIËRHANDELAARS

Die Indiërhandelaars het in skerp kontras met die Blanke handelaars gestaan. Hulle regte is deur middel van wetgewing op alle terreine van die samelewing beperk. Hulle is verhinder om delwerye of eiendom in die Transvaal te besit.[182] Ten spyte hiervan het Dadoo Beperk in 1915 twee erwe in Krugersdorp aangekoop met die doel om 'n kruideniers- en algemene handelsaak op die een erf te vestig en die tweede erf vir residensiële doeleindes aan te wend. Twee Indiërs, M.M.Dadoo en ene Dinbar, het 'n maatskappy, Dadoo Beperk, gestig met 'n kapitale uitgif van £15 000 (vyftienduisend pond), onderverdeel in 150 aandele van £100 (eenhonderd pond) elk. Hiervan het Dadoo 149 aandele opgeneem en Dinbar een aandeel. Die Stadsraad van Krugersdorp het in 1919 die eiendomsreg van Dadoo Beperk in die Hooggeregshof betwis op grond van die bepaling van Wet Nr. 3 van 1885. Hulle verweer was daarop gegrond dat Dadoo op grond van sy meerderheid aandeel die eienaar van die erwe was en nie die besigheid nie. Die besigheid was as 'n front vir omseiling van die wet gesien.[183]

Die aanvanklike Hooggeregshof uitspraak was ten gunste van die Stadsraad. Dadoo Beperk het na die Appélhof geappelleer en daar die saak gewen op grond van 'n *causus omissus*, dit wil sê Wet Nr. 3 van 1885 verbied Indiërs besitreg van grond, maar nie die beheer van grond nie. Die Appélhof het bepaal dat Dadoo Beperk 'n geregistreerde maatskappy en onafhanklike regspersoon is wat onafhanklik van sy aandeelhouers gefunksioneer het. Dit

---

181 Kyk ook bespreking in hoofstuk 4 met betrekking tot die residensiële ontwikkeling vir Indiërs.

182 Wet Nr. 3 van 1885, Wet Nr. 35 van 1908 en Wet Nr. 32 van 1917 het Indiërs tot sekere wyke, lokasies en strate beperk en bepaal dat hulle geen eiendom in die ZAR en Transvaal kon besit nie. Wet Nr. 5 van 1898 het hulle verhinder om delwerye te besit. Kyk M.Y.D. Dinath, *Asiatic population settlement in the Transvaal, 1881-1960, with special reference to the Johannesburg municipality*, pp.13,32.

183 TAB, Pretoria, MKR, band 1/1/3/1, *Regsopinies, Rosenberg,* 3 Febr.1939; *P.J. Bowling,* sd; *J.T. Barry,* 6 Febr. 1939.

is die maatskappy wat die grond besit en nie die aandeelhouers nie, alhoewel die aandeelhouers namens die maatskappy beheer oor die grond uitoefen.[184]

Die Dadoo-hofsaak was 'n deurbraak vir die Indiërsakelui in Krugersdorp, maar ook vir die Indiërgemeenskap in die Transvaal in breër verband. Die hofsaak het internasionale reperkussies gehad, omdat die Transvaal British Indian Association by die Indiese regering beswaar aangeteken oor die aanvanklike Hooggeregshofuitspraak. Dit het tot uitgestrekte korrespondensie tussen die Goewerneur-Generaal en die Britse Minister vir Indië gelei.[185] Die Stadsraad moes ook rekenskap vir hulle standpunt gee aan die Minister van Binnelandse Sake.[186] In sy opinie oor die Appélhof-uitspraak het die Sekretaris van Justisie daarop gewys dat geen wetgewing in die toekoms die wettige besit van eiendom van Indiërmaatskappye kon ontneem nie.[187]

Die gebied om die markplein is teen 1923 feitlik heeltemal deur die Indiër-besighede beset. Daar is selfs na die gebied oos van die markplein verwys as die "Dadooblok".[188] Die Dadoosaak het in die dertigerjare weer opgevlam toe Dadoo Beperk by die Stadsraad planne ingedien het vir die oprigting van 'n nuwe besigheidskompleks (foto no.55). Die Stadsraad het die voorsiening vir 'n woonstel bo-op die winkelkompleks vir die eienaar, bevraagteken. In die lig van die dorpsbeplanningskema was daar geen beswaar teen die okkupasie van die gebied oos van die markplein deur Indiërs vir handelsdoeleindes nie, maar die residensiële reg van die Indiërs in hierdie gebied is bevraagteken. Die dorpsbeplanningskema en verordeninge van die munisipaliteit het geen reg aan die Stadsraad verleen om nie die bouplanne goed te keur nie, omdat

---

184 SAB, Pretoria, JUS band 36, verw. 15/949, *Summary Act 3 of 1885*; verw. 15/994, Telegram, 6 Jan. 1920; verw. 15/1038, *Summary of decided cases*, July, 1920.

185 SAB, Pretoria, JUS, band 36, verw. 15/994, Telegram Secretary of State-Governor-General, 6 Jan.1920.

186 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/64, korrespondensieleêr D4, *Record of interview between a deputation of this municipality with the Minister for the interior in connection with trading by Asiatics and the Indian controversy generally*, 27 Des. 1918.

187 SAB, Pretoria, JUS, band 36, verw. 15/949, *Opinie Sekretaris van Justisie*, 12 Apr 1919.

188 C. Dugmore, *Blurred demarcations of authority and power....*, p.3.

bewoning van die gebied geen gesondheidsrisiko vir die totale gemeenskap ingehou het nie.[189]

Meer Indiërs het hulle mettertyd in die SBD gevestig. Die Indiërsakemanne het ook 'n eie besigheidskamer, die Krugersdorp Indian Chamber of Commerce gestig om namens hulle op te tree en met die Stadsraad te onderhandel.[190] Met die ontwikkeling van Indiërgroepsgebiede, waarna in hoofstuk vier verwys is, het die Stadsraad in 1976 oorweging daaraan gegee om 'n Indiërhandelsentrum buite Krugersdorp te ontwikkel. Die Indiërgemeenskap het ernstig hierteen beswaar aangeteken omdat die beoogde terrein vir sowel Blankes as Swartmense ontoeganklik sou wees. In hierdie stadium was daar reeds 26 Indiërbesighede in die SBD en 11 in Burgershoop gevestig. Hiervan het 14 besighede aan Blanke eienaars behoort, terwyl 17 besighede aan Indiërs behoort het. 'n Verdere ses besighede was eenmanbesighede wat deur die eienaars self bedryf is.[191]

In die lig van die samesprekings tussen die Indiërsakelui en die Stadsraad, wat volgens *The West Rand Times* in "goeie gees" geskied het, het die Stadsraad in 1977 besluit om 'n sentrale Indiërhandelsentrum in die SBD, oos van die stadsaal, te ontwikkel. Baie van die Indiërs met gevestigde besighede in Burgershoop het beswaar aangeteken teen die voorgestelde gedwonge verskuiwing na die nuwe handelsentrum. As kompromie het die Stadsraad in 1980 die SBD oos van Markstraat "oopgestel" vir Indiërsakemanne. Hierdie "oopstelling" is as 'n waterskeiding vir die verteenwoordiging van ander bevolkingsgroepe in die SBD gesien.[192]

### 6.4.3 WEINIG RUIMTE VIR SWARTMENSE

Die "oopstelling" van die SBD vir ander bevolkingsgroepe was beperk tot die Indiërs. 'n Swartprokureur van Kagiso, M.B. Mohlahledi, se versoek om 'n

---

189 TAB, Pretoria, MKR, band 1/1/31, *Regsopinies Rosenberg*, 3 Febr. 1939; *J.T. Barry*, 6 Febr 1939.

190 S. Schlemmer, *Gemeenskapsidentifikasie studie van Krugersdorp* (ongep. maatskaplike studie, UNISA, 1984), p.11.

191 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *West Rand Times*, 23 Jul 1976.

192 INEG, Bloemfontein, koerantknipsel nr. 08/10397, *Die Vaderland*, 23 Okt. 1980. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *West Rand Times*, 13 Aug. 1976.

prokureurskantoor in die SBD te open is in 1983 deur die Stadsraad afgewys op grond van die Groepsgebiedewet. Mohlahledi se versoek was gegrond op die bepaling van sy professie dat 'n prokureur sy kantoor binne agt kilometer van die naaste landdroskantoor moes open. Die Stadsraad het by sy besluit gehou ten spyte van vertoë en aanvalle van die Swartprokureursorde van Suid-Afrika. Mohlahledi is verplig om sy kantoor in Kagiso te open.[193]

Handeldrywe vir Swartsakemanne was beperk tot Kagiso en Munsieville, waar hulle as algemene handelaars in die behoefte vir noodsaaklike verbruikersgoedere voorsien het. Die getal Swartsakemanne is beperk as dit vergelyk word met die Indiër- en Blanke-sakegemeenskappe. Die Swartsakemanne is feitlik almal lede van NAFCOC, 'n landswye organisasie vir Swartsakelui.

Swartsakemanne is weinig ruimte gegee om in Blanke woongebiede handel te drywe. Reeds in 1912 het die Stadsraad sy verordeninge gewysig sodat die besit van handelslisensies vir die verkoop van vis, groente en vrugte in Blanke woongebiede verpligtend was vir alle venters en smouse[194] wat handel in Blanke woongebiede gedryf het. Swart algemene handelaars is ook meer gereeld deur gesondheidsinspekteurs besoek met die doel om gesondheidsbeheer toe te pas.[195] Die Krugersdorp Besigheidskamer het in 1956 beswaar aangeteken teen die steenkoolhandelaars wat Swartmense uitstuur om met steenkool in die Blanke woongebiede te smous. Baie van hierdie handelaars was Swartmense van Munsieville. Die lisensiëring van die Swartsteenkoolhandelaars is ook deur die besigheidskamer bevraagteken.[196] Die gebruik van Swartmense in bakkerye is ook deur die Besigheidskamer bevraagteken omdat dit 'n gesondheidsrisiko ingehou het. Volgens hulle sou

---

193 INEG, Bloemfontein, Koerantknipsel nr. 35/2025, *The Star*, 27 Sept 1983.

194 Die HAT definieer 'n smous as 'n rondreisende handelaar, bondeldraer, wat van plek tot plek reis om sy ware te verkoop of te verruil. 'n Venter daarenteen is 'n straathandelaar, maar kan ook 'n smous wees. F.F. Odendaal (hoofred.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, pp.1017,1230.

195 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's minute for the year ending 31 October 1913*, p.19.

196 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/188, Brief Besigheidskamer-Stadsklerk Krugersdorp, 8 Nov. 1956.

dit meer higiënies wees om slegs Blankes in die bakkerye te gebruik.[197] George Norton, wat in die twintigerjare ook Burgemeester van Krugersdorp was, het die grootste bakkery in Krugersdorp besit. Gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog het hy brood aan die Britse magte voorsien. Norton het sy bakkery in 1905 gemeganiseer.[198](foto no.56)

Die gebrek aan handelsnodes in die Swartwoongebiede het die ekonomiese ontwikkeling van Munsieville en Kagiso gestrem. Die Kagiso Mall, wat in die vroeë negentigerjare in Kagiso ontwikkel is, is vandag die enigste handelsnode van betekenis in die Swartwoongebiede. Inwoners van die Swartwoongebiede is van die SBD afhanklik vir hulle verbruikersgoedere. Die verbruikersboikot van die laat tagtigerjare het daarom 'n deurslaggewende rol gespeel in die onderhandelings wat die politieke verandering in die vroeë negentigerjare gekenmerk het. Die verbruikersboikot was gerig op die kleinhandelaar wat verbruikersgoedere verkoop het omdat die regering van die dag en die Stadsraad nie met die United Democratic Front (UDF) in onderhandeling wou tree om die politieke verandering in Krugersdorp te weeg te bring nie. Die handelaars van goedere soos klerasie, voedsel en meubels het die swaarste onder die boikot gely. Die Swartgemeenskappe het ook swaar gekry onder die boikot, omdat hulle noodsaaklike verbruikersgoedere ten duurste van plaaslike Swarthandelaars moes koop. Die straf wat deur die "civics" uitgedeel is aan oortreders van die boikot was baie duur en pynvol. Die boikot het die dorp permanente skade berokken omdat dit die verbruikers na koopsentrums buite Krugersdorp gedwing het. Aan die anderkant het dit bygedra tot die bevordering van handel in die Swartwoongebiede. Baie nuwe kleinsake en algemene handelaars is as gevolg van die boikot in die Swartwoongebiede gevestig. Dit is een van die positiewe aspekte wat aan die boikot gekoppel kan word.[199]

---

197 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/71, korrespondensieleêr D16, Brief Besigheidskamer-Stadsklerk, 28 Aug. 1913.

198 G.Norton, Onderhoud, 1995.

199 C.Kruger, Onderhoud 6 Febr. 1998.

### 6.4.4 VERLIES AAN KOOPKRAG

Die verlies van koopkrag en die voorkeur van plaaslike verbruikers om aankope buite Krugersdorp te doen, hou nie net verband met die verbruikersboikot van die tagtigerjare nie. Die Krugersdorp Besigheidskamer het hierdie probleem by verskeie van sy vergaderings aangespreek. Hulle het reeds in 1954 bepaal dat Krugersdorp sy koopkrag verloor omdat plaaslike handelaars nie in die behoefte van die verbruikers voorsien nie. Daarby het die vooruitsig om in Johannesburg inkopies te doen, 'n besondere aanloklikheid vir die verbruikers ingehou. Die uittredende president van die Besigheidskamer, A. Tannenbaum, het in dieselfde jaar handelaars daarop gewys dat die besighede hulle omset met 15% tot 20% kon opstoot as hulle die produkte beter geadverteer en uitgestal het. Die beligting binne in die winkels moes ook verbeter word. Besighede is ook gemaan om seker te maak dat hulle 'n volledige reeks van die produkte in voorraad aanhou.[200]

Die verlies aan koopkrag het in 1987 weer aandag geniet. In 'n poging om plaaslike inwoners na die SBD te lok, het die besighede met die oog op kersinkope verlengde besigheidsure ingestel. Hierdie projek is met gemengde reaksie as onsuksesvol bestempel. Slegs 50% van die deelnemende besighede het gevoel dat hulle verkope by die verlengde ure gebaat het.[201]

Die *Krugersdorp News* het in 1989 'n opname gedoen oor redes waarom inwoners eerder buite Krugersdorp in Johannesburg en by ander groot handelsentrums koop. Die volgende redes is in die opname genoem:

- Plaaslike besighede voldoen nie aan die behoeftes van verbruikers nie.
- Personeel by besighede is onopgelei en kan nie navrae van verbruikers beantwoord nie.
- Vertoonvensters moet opgegradeer word.
- Voorraadreekse en verskeidenheid produkte is beperk.
- Daar is swak geriewe vir verbruikers in die SBD, veral toiletgeriewe.
- Parkering is min en verkeersbeamptes is ontoëgeeflik.

200 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *West Rand Review,* 26 Febr. 1954, p.1.
201 Biblioteek Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp News,* 24 Jan. 1986, p.1.

- Raadsbeluite is as negatief gesien. Dit het nie sakeontwikkeling gestimuleer nie.[202]

In reaksie hierop het 'n groep besighede besluit om 'n handelaarsvereniging te stig en 'n spanpoging aan te wend om koopkrag terug te lok na die SBD. Hierdie vereniging het deur die mat geval, omdat handelaars nie die inisiatiewe van die vereniging gesteun het nie.. Dit het egter nie beteken dat die Besigheidskamer nie verder aandag aan die probleem gegee het nie. Die behoefte aan opleiding van besigheidsmanne, verhoging van produktiwiteit en verbetering van kliëntediens is weer in 1990 aangespreek.[203] Die gevolge van die uitvloei van koopkrag as gevolg van die boikot word vandag nog deur die sakegemeenskap van Krugersdorp gevoel. In 'n poging om verbruikers weer na die SBD terug te lok het die besigheidskamer in samewerking met die Plaaslike Oorgangsraad 'n projek, "Krugersdorp Cares", van stapel laat loop.[204]

### 6.4.5 KUNSMARKTE EN TUISBEDRYWE: 'N UITKOMS VIR ENTREPRENEURS

Die ekonomiese ontwikkeling van Krugersdorp is deur die jare sterk beïnvloed deur die algemene ekonomiese toestand van die land. Droogte toestande, prysstygings, lae omset, swak valuta en Randwaarde is probleme wat inflasie aanhelp. Handelaars wat sekere noodsaaklike dienste lewer soos kleremakers, skoenmakers, droogskoonmakers en herstelwerke aan elektriese en elektroniese toerusting het deurgaans 'n bestendige omset gehandhaaf in teenstelling met handelaars wat in die luukse en nie-noodsaaklike goedere handeldrywe. Winkeliers wat handeldryf in kramery, breiwol, materiale en ander grondstowwe vir eie vervaardiging tuis, het 'n konstante groei en omset getoon. Die rede hiervoor is dat dit te duur geword het om klaargemaakte items, of duur nuwe items, aan te koop.[205]

---

202 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp News,* 17 Nov. 1989, p.1.
203 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp News,* 13 Jul. 1990, p.3.
204 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer C5, *Krugersdorp Cares,* sd.
205 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr C5, *Chamber of Commerce,* sd.

Die opbloei van tuisnywerhede en die sogenaamde "arts-and-crafts" besighede is veral opmerklik in die afgelope dekades. Laasgenoemde besighede is veral toegespits op die toeristemark. "Arts-and-crafts" besighede in die Muldersdriftomgewing het hulle in die "Crocodile Ramble" georganiseer, met "oop dae" elke eerste Sondag van die maand. Die "Crocodile Ramble" is 'n groot sukses en baie gewild onder die inwoners van die Witwatersrand. Dit bied nie net interessante tuisvervaardigde items aan nie, maar ook ontvlugting aan die stedelike druk en atmosfeer.

Tuisvervaardigde items van 'n wye verskeidenheid word in tuisnywerhede in Krugersdorp van die hand gesit, terwyl straatmarkte en Saterdagmarkte (Vlooimarkte) in gewildheid toegeneem het. Baie enterpreneurs is vir die verkoop van hulle produkte uitsluitlik afhanklik van straatmarkte en informele handel. 'n Georganiseerde straatmark word vir etlike jare deur die Krugersdorp Publisiteitsvereniging op die openbare parkeerruimte agter die Stadsaal aangebied, en goed ondersteun deur Swart- en Indiërenterpreneurs.

Toenemende werkloosheid en armoede raak die totale gemeenskap van Krugersdorp. Die beoefening van handewerk as 'n blote stokperdjie het plek gemaak vir vindingryke enterpreneurskap. Sypaadjie-enterpreneurs word veral in Kagiso en Munsieville aangetref. Sweiswerk en die vervaardiging van veiligheidshekke en diefwering is 'n algemene bedryf op die sypaadjies van hierdie woonbuurtes. So ook motorherstelwerk en die vervaardiging van "bou-eenhede" van riffelsink vir plakkershuise. Skoenreparasies en stoffeerwerk verskaf ook 'n goeie inkomste. Groente- en vrugtesmouse het hulle veral by taxi-staanplekke ingerig.[206]

### 6.4.6 OPLEWING IN KLEINHANDEL EN DIENSLEWERING

Krugersdorp het binne die bestek van enkele dekades gegroei van 'n myndorp na 'n dinamiese industriële sentrum. Die ekonomiese ontwikkeling van Krugersdorp toon sedert die opheffing van die verbruikersboikot in 1993 'n

---

206 Persoonlike waarneming na 'n besoek ter plaatse.

nuwe tendens in die ontwikkeling van kleinhandel en dienslewering. Die ekonomiese ontwikkeling wat van die nywerhede na die SBD uitgekring het, is in die tagtigerjare ernstig deur die verbruikersboikot geknou. Die ekonomiese nood van die gemeenskap en toenemende voorkoms van werkloosheid plaas groot druk op die Plaaslike Oorgansraad en die sakegemeenskap. Een van die maniere om die ekonomiese dilemma van die gemeenskap aan te spreek, is om werksgeleenthede te skep.

## 6.5. SLOTOPMERKING

Krugersdorp het binne die bestek van enkele dekades gegroei van 'n myndorp na 'n dinamiese industriële sentrum. Waar die aangrensende goudmyne, Luipaardsvlei Estates en WRCM, grootliks bygedra het tot die groei en ontwikkeling van die dorp, is dit die nywerheidsontwikkeling wat die dorp ekonomies gedra het. Terwyl die myne hoofsaaklik gesteun het op trekarbeiders, het die nywerhede gebruik gemaak van plaaslike arbeid. Industriële groei het 'n nuwe arbeidsmag in Krugersdorp gevestig. Hiervan was die Blanke arbeider in 'n meer bevoorregte posisie as die Swartarbeiders. Hierdie onderskeid het dikwels aanleiding gegee tot rassediskriminasie, gerugsteun deur nasionale wetgewing wat gemik was op werkreservering vir Blankes. Die posisie van die Swartarbeider was in die algemeen benard. Hy was die verleë, onopgeleide werknemer waarop die Blanke dikwels neergesien het en ook nog op 'n onsimpatieke, byna vernederende wyse, behandel en uitgebuit het. Sy lewenspatroon word gekenmerk deur ekonomiese nood, wat sy sin vir waardes en betekenis in die lewe aangetas het.

Nywerheidsontwikkeling gaan in die meeste stede gepaard met die vestiging van 'n sterk, invloedryke middelklas. Sosiale statusse is aan bepaalde beroepe en skoling gekoppel, asook aan die posisie van die werknemer in die hiërargie van die werkgewer, byvoorbeeld om bestuurder of klerk te wees. Die halfgeskoolde en ongeskoolde arbeider is van 'n laer "sosiale rang" en daarom dikwels uit fatsoenlike sosiale kringe geweer. Die sosio-kulturele probleme wat met die sosiale stratifikasie gepaard gaan, word in die volgende

hoofstuk bespreek. Hierdie sosiale stratifikasie het nie net in die Blanke gemeenskap voorgekom nie, maar ook in die Swartgemeenskappe. Hieroor het Bloke Modisane opgemerk: "I was appalled to find black middle class as snobbish and as sectionary as the world of the whites, except the pain was more concentrated because of the physical nearness of this black class."[207]

Die Stadsraad van Krugersdorp het die praktiese oorgang vanaf mynbou na industriële ontwikkeling met versiendheid aangepak. Dit strek tot eer van die gemeenskapsleiers wat dié proses van verandering tot voordeel van Krugersdorp aangewend het. Hulle het nywerheidsgebiede teen groot koste ontwikkel en daarin geslaag om erfbelasting en die lewering van dienste aanloklik laag te hou. Met die ontwikkeling van die nywerheidsgebiede het die Krugersdorp Stadsraad daarin geslaag om die uitvloei van koopkrag as gevolg van die sluiting van die myne in Krugersdorp te behou. Werksgeleenthede is met die ontwikkeling vir duisende Blanke- en Nie-Blanke werkers geskep.

Die ekonomiese ontwikkeling van die nywerhede het na die Sentrale Besigheidsdistrik uitgekring. Die SBD het tot Krugersdorp se belangrikse handelsenstrum ontwikkel. Die SBD vorm vandag die spilpunt van die ekonomiese ontwikkeling in Krugersdorp. Die rol van die Krugersdorp Besigheidskamer in die ontwikkeling van die SBD en ekonomie van Krugersdorp kan nie onderskat word nie. As middelman is die besigheidskamer in die posisie om die pas van ekonomiese ontwikkeling in die SBD af te dwing en werkskeppinginisiatiewe te ondersteun.[208] Die invloed wat die afwesigheid van Swart- en Indiërsakelui in die SBD op die ekonomie van die dorp het, kan in hierdie stadium net oor bespiegel word. Die "oopstelling" van die SBD vir georganiseerde informele handel sedert 1993 lewer reeds 'n bydrae tot werkskepping en die ekonomiese opheffing van die gemeenskap.

---

207 B. Modisane, *Blame me on history*, p.88.

208 C. Kruger, Onderhoud: 6 Febr. 1998.

Die sosio-ekonomiese welvaart van Nie-Blankes is sedert die ontstaan van die dorp hagliker as dié van Blankes. Die vernouing van die ekonomiese gaping tussen Blankes en Nie-Blankes, maar ook dié tussen laer- en hoërinkomstegroepe in die algemeen, word as 'n prioriteit in die werkskepping-inisiatiewe van die Krugersdorp Plaaslike Oorgangsraad gesien.

Die sosio-ekonomiese welvaart van die Wesrand as streek is oor die algemeen laag. Die bydrae van die Wesrand tot die groei van die nasionale ekonomie in 1990 was slegs 0.07%. In 1970 het die Wesrand 15.7% van die ekonomie van die Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging (PWV) verteenwoordig en in 1990 was dit slegs 7.9% van die ekonomie van die provinsie Gauteng.[209]

Die ekonomiese basis van die Wesrand het die afgelope twee dekades vanaf mynbou na industrie en 'n handelsekonomie verander. Krugerdorp speel as die grootste munisipale owerheid aan die Wesrand 'n leidende rol in die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die inwoners in Wes-Gauteng. Die rekonstruksie van die ekonomie het 'n afname in die ekonomiese groei van die streek beteken. Die afname in groei op mynbougebied kan toegeskryf word aan strukturele veranderings, maar die afname op industriële gebied hou verband met die algmene swak ekonomiese toestand van die provinsie en Suid-Afrika. Die Wesrand het slegs op handelsgebied 'n toename in groei getoon.[210]

---

209 KCCI, Krugersdorp *Diversifying the economic base of Western Gauteng: Short- to medium term intervention strategy*, Jun. 1996, pp.2,7.

210 Stadsraad, Krugersdorp, *Land Development Objectives, Krugersdorp-Phase I*, Jun. 1996, pp.22, 23.